Vol. 193 Pages: 9996 - 10057

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 2.6 Vol 193 p 9996-10057

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-03-13

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:
ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:
ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 193

(Bladsye 9 996 - 10 057)

HOF HERVAT OP 13 MAART 1987.

MORAKE PETRUS MOKOENA, v.o.e. (Deur tolk)

HOF : Is al die beskuldigdes teenwoordig?

MNR. JACOBS : Al die beskuldigdes is hier.

HOF : Ek gaan nou nie weer vra nie. Ek aanvaar van nou af sal hulle teenwoordig wees, behalwe as u my sê.

MNR. JACOBS : Die petisie wat ek gister nie kon gefotostateer het nie, het ek nou gedoen. Ek stel dit dan beskikbaar en handig dit in by die hof as BEWYSSTUKKE CA7.

HOF : Is dit die petisie wat die getuie uitgeken het?

MNR. JACOBS : Dit is die petisie.

HOF : Laat ons dit dan nou aan die getuie voorlê vir sekerheid. -- Ja, dit is die dokument.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mokoena, u sê dat op daardie vergadering van die 26ste het Khabi gesê dat hy was vir drie maande weg en hy het net daardie tyd teruggekom? -- Ja, hy het gesê dat hy weg was vir 'n tydperk van omtrent drie weke.

HOF : Net sekerheid om my weer in die prentjie te plaas. Van watter vergadering praat ons?

MNR. JACOBS : 26 Augustus, die vergadering wat hulle gehou het, ERPA vergadering. Wanneer het hy teruggekeer? -- Volgens hom het hy die Vrydag teruggekeer. Dit is die Vrydag van die vorige week.

Is dit die eerste keer wat jy hom gesien het na sy afwesigheid die dag daar op die vergadering? -- Ja, dit is so.

Ek neem aan na die vergadering het julle toe samesprekings weer gevoer sodat hy kan op hoogte kom van wat gebeur het in sy afwesigheid? -- Nee.

Het julle mekaar nie gesien nie? Het hy nie belang

gestel/...

gestel om te hoor wat gaan aan in ERPA en wat gebeur nie? -- Bedoel u daardie dag van die vergadering?

Of die dag daarna, twee dae daarna, die week daarna? -- Ek het aan hom verduidelik.

Wanneer het jy hom gesien? -- Ek sal nie weet wanneer dit was nie, maar dit was lank na die dag van die vergadering.

Hoe lank na die dag van die vergadering? -- Ek sal regtig nie weet nie.

Was dit na die opstande gewees en die "riots" van 3 September of voor dit? -- Ja.

Het ERPA nie bymekaar gekom in daardie week na julle vergadering of na die vergadering van die 26ste om besprekings te hou oor die sukses van die vergadering nie? -- Nee, ons het nie bymekaar gekom nie of ons het nie vergader nie.

Jy sê die oggend van die 3de het jy gery na jou vriend se huis toe? -- Nee, dit was op die 4de, nie die 3de nie. Tensy u vir my sê in verband waarmee?

Nee, ek sê vir jou jy het die oggend van die 3de na jou vriend se huis gery, ja of nee? 3 September? -- Ja, die een van wie ek 'n bakkie geleen het.

Hoekom sê dan vir ons jy het nie gery na jou vriend se huis toe nie? -- Ek het nie so gesê nie.

Hoe laat is jy daar by jou huis weg daardie oggend? -- Om en by 08h00.

Jy sê jy is 08h00 by jou huis weg? -- Ja.

Hoe laat is jy by die Roomse Kerk verby? -- Dit was na 08h30 om en by voor 09h00. Tussen 08h30 en 09h00.

Is dit toe jy daar verbygegaan het op pad na jou vriend toe? -- Nee, op pad terug van my vriend af.

Op pad na jou vriend toe, hoe laat is jy by die kerk

verby/...

verby? -- Om en by 08h00.

HOF : By die kerk verby? -- Ja.

Het ons die naam van die vriend? -- Alex Nene.

En hy woon in watter gebied? -- Residensia.

MNR. JACOBS : Toe jy nou by die Roomse Kerk kom op pad na jou vriend toe, wat het jy opgemerk? -- Ek het niks opgemerk nie.

So, jy is daar rustig verby sonder dat iets gebeur het? -- Ja, ek het sommer daar verbygery.

HOF : Was daar nie mense nie? -- Nee, nie op die tydstip wat ek daar verby is nie.

MNR. JACOBS : So, 08h00 die oggend van die 3de toe jy by die Roomse Kerk verby is, was daar nie mense nie en jy het gery na jou vriend toe? -- Met my verbygaan by die Roomse Kerk is waar Esau my gestop het.

Ek het jou dan nou-nou gevra of jy mense daar gekry het? -- Nee, ek sal mos nie weet waarvan u praat nie. U vra my op pad na Residensia. Dit wil sê die roete wat ek gebruik het om my Residensia uit te kom.

Dit staan op die oorkonde. Jy sê Esau het jou gestop? -- Ja.

Waar was Esau gewees? -- Hy het op die hoek gestaan van die werf by die Roomse Kerk se erf. As ek van die hoek van hierdie perseel praat, praat ek van die omheiningsdraadhoek op die hoek van die gruispad waar die gruispad met Selbourne Road 'n aansluiting vorm.

HOF : Dit is buite die perseel? -- Ja.

MNR. JACOBS : Hoekom het hy daar gestaan? -- Ek weet nie.

Was hy alleen? -- Ek het hom alleen daar gesien.

En op daardie stadium om 08h00 het jy geen ander

mense/...

mense daar by die Roomse Kerk gesien nie? -- Daar was mense op pad daar. Ek is dus nie in staat om vir die Hof te sê of ek mense gesien het, wat die mense besig was om te doen nie. Ek het mense daar gesien in die omgewing, maar ek kan nie sê of hulle nou op die perseel van Roomse Kerk as of waar ek die mense gesien het nie. Al wat ek kan sê is, ek het mense gesien.

As jy sê in die omgewing, wat bedoel jy? -- Ek ry met die pad. Daar is mense wat selfs kon beweeg het in die pad waar ek gery het en waar Esau gestaan het, was die pad. Dus, daar kon mense gewees wat in daardie onmiddellike omgewing van Esau was.

HOF : As u nou praat van mense, sal dit wat u betref die gewone voetgangerverkeer wees? -- Ja.

MNR. JACOBS : Hoekom het Esau jou gestop? -- Dit is toe hy vir my gevra het om vir hom "marking pens" saam te bring.

Waarvanaf? -- Hy het my gevra vir die "marking pens", waarop ek toe aan hom gesê het ek weet nie hoe ek die goed vir hom kan kry nie, maar by die plek waar ek gaan in Residensia is 'n winkel. Toe het hy my gevra om dit dan vir hom daar te kry aangesien dit by die winkel is.

Om vir hom te gaan koop? -- Ja.

Waar het die geld vandaan gekom? -- Daardie dag het ek my eie geld gebruik.

Het hy jou gevra om jou eie geld te gebruik? -- Nee, ek het hom net gehelp dat hy dit wat hy soek bekom. Hy het nie gevra om gebruik te maak van my eie geld nie.

Ek wil 'n paar baie onwaarskynlikhede in jou getuienis aan jou stel. In die eerste instansie het julle geweet daardie dag gaan daar 'n opmars wees en voertuie gaan nie

op/...

op die strate wees nie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Julle of die getuie?

MNR. JACOBS : Ek stel dit aan hom dat hy geweet het ook.

HOF : O, u sê hy en andere het dit geweet?

MNR. JACOBS : Geweet. Dit was algemeen bekend gewees dat daar nie voertuie sou gaan nie en daarby het jy ook geweet dat die winkels sal toe wees en jou vriend sal nie eers sy bakkie nodig hê nie. En hierdie ding wat jy vir die Hof vertel dat jy gery het na die vriend toe om te gaan hoor van die vriend se bakkie wat die winkel het, is ŉ fabel. -- Wat buite die waarheid is, is dit wat u nou aan my gestel het. Wat ek hier vertel is die waarheid.

En dit is ook hoogs onwaarskynlik dat Esau wat al hierdie dinge gereël het of ŉ groot deel van die reëlings gedoen het, dat die winkels moet toe wees die dag, sou ook nie vir jou vra om na ŉ winkel te gaan en by ŉ winkel vir hom penne gaan kry nie, want hy het geweet die winkels is toe? -- Dit is nie die waarheid nie. Ek weet ook nie of hy die persoon is wat veroorsaak het dat die winkels nie gewerk het daardie dag nie, maar hier is ek op pad na ŉ winkel toe. Dit was vir hom maklik gewees om vir my te vra of ek nie die goed kan kry by die winkel waarheen ek gaan nie en dit was ook maklik gewees vir die winkeleienaar om vir my die goed te gee terwyl ek daar is. Selfs die ontmoeting van ons daar was nie dat ons ŉ afspraak gemaak het dat ons mekaar daar moet ontmoet nie en die geld wat ek gebruik het vir die koop van hierdie benodigdhede van ons, het ek vir hom gevra om aan my te betaal en hy het dit betaal.

HOF : Hy het dit teruggegee? -- Teruggegee, ja.

MNR. JACOBS : Wat het Esau vir jou gesê hoekom wil hy

kokipenne/...

kokipenne hê? -- Hy het gesê hy het die "marking pens" nodig, hulle wil plakkate skryf. Dit is wat hy vir my gesê het.

Hoe het hy gesê waar wil hulle dit skryf? -- Nee, hy het nie vir my gesê nie.

So, jy het nie geweet as jy die penne gekoop het en jy het hulle nou gekry, waar om hulle te gaan aflewer nie? -- Dit is syne. Ek moes dit na hom toe geneem het.

Ja, maar jy het mos nou nie geweet waar gaan jy hom kry nie? -- Ek sou hom daar gekry het waar ek hom vroeër gesien het toe hy vir my die boodskap gegee het.

HOF : Dit is nou op die hoek? -- Ja.

MNR. JACOBS : Het julle gereël dat hy sou daar op die hoek vir jou staan en wag? -- Nee, die man soek penne. Ek sê vir hom "Ek sal kyk of ek nie daar vir jou penne kan kry waarheen ek gaan nie." So, ek het verwag dat hy daar vir my sou gewag het waar ek hom oorspronklik gesien het.

En toe hoe laat het jy teruggekeer met die penne? -- Tussen 08h30 en 09h00.

Is dit nader aan 09h00 of nader aan 08h30? -- Duskant 09h00.

HOF : Dit beteken nader aan 09h00? -- Ja, om en by daardie tyd. Ek is nie seker nie.

MNR. JACOBS : En toe jy daar kom, toe staan hy nog altyd vir jou daar en wag? -- Nee, ek het hom nie by die hoek gevind nie.

Waar het jy hom gevind? -- Toe ek by die kerk kom, sonder dat ek hom gesien het, het ek toe in die "court-yard" gevra waar Esau was.

Het jy ingery met die grondpad? -- Ja, ek het.

Tot daar by die kerk se ingang wat jy gister hier

uitgewys/...

uitgewys het, het jy ook daar ingegaan? -- Ja, ek het daar ingery.

Hoekom het jy daar in die grondpad ingery as jy hom nie op die hoek gekry het nie? -- Ek het hom gesoek.

Hoe het jy nou geweet om by die kerk te gaan soek of met daardie grondpad te ry? -- Maar u hoor dan ek soek na hom. As ek mense ontmoet dan vra ek die mense oor hom.

Ja, maar ek kan nie verstaan nie, jy kom hier by die hoek van die grondpad en jy sien Esau is nie daar nie, dat jy nou hier met die grondpad afry om hom daar by die kerk te gaan soek? -- Ja, dit is die manier waarop ek na hom gesoek het.

Toe jy nou in die vierkant ingaan, het jy hom gekry daar? -- Ek het hom nie gekry nie.

Waar was hy toe? -- Ek het hom nie gekry nie, maar ek het wel navrae gedoen daar en by iemand verneem dat Esau by die ou woning was van die opsigter. Dus het ek die penne aan daardie persoon gegee om aan Esau te gaan gee.

Ek neem aan toe jy daar gekom het in die "court-yard" soos jy dit noem, om Esau te soek, het jy baie mense daar gekry? -- Ja, daar was baie mense gewees.

En ek neem aan jy het ook mense gekry wat besig was om plakkate te skryf daar? -- Ek het nie lank vertoef daar nie. Ek het eintlik nie eers uit die voertuig geklim nie. Ek het net die persoon geroep en van hom verneem waar Esau is.

Toe jy by die hek van die kerk ingegaan het, het jy mense daar aangetref wat mense daar wys wat om te doen? -- Nee, ek het dit nie gesien nie, want daar was baie mense by hierdie ingang. Hulle het padgegee vir die voertuig om in te ry.

Was/...

Was jy die enigste man wat met ŉ voertuig daar aangekom het? -- Ek weet nie.

Het jy ander karre gesien? -- Op pad waar ek gery het het ek wel ander voertuie gesien.

Daar in die persele van die kerk, was daar ander voertuie? -- Ja, daar was.

Waar? -- Daar was voertuie gewees in die nabyheid van die kerkgebou.

Het hulle gestaan daar of het hulle gery? -- Hulle het gestaan.

In die nabyheid beteken enigiets. Was dit op die perseel of waar was dit? -- Op die perseel.

Die mense wat daar was, was hulle opgewonde gewees, groot verwagting gehad? Het hulle gelyk soos mense met ŉ groot verwagting op die perseel van die kerk? -- Nee, ek was baie kort daar gewees om dit op te let.

As jy sê daar was baie mense, wat bedoel jy met baie? -- Ek sê dit is baie mense omdat hulle baie was. Ek weet nie in getal wat moet ek sê hoeveel hulle was nie. Wat ek kan sê is dat selfs daar in die rigting van die spruit in die veld daar was daar mense gewees, voetgangers wat ŉ mens kon sien loop in die rigting van die kerk.

Sal jy sê dit was honderde, dit was duisende? -- Mense wat ek daar gesien het, kan moontlik tweehonderd wees.

<u>HOF</u> : Dit is nou by die kerk of dié wat aanstap? -- Dit is die mense wat op die werf van die kerk was, ingesluit die mense wat ek by die hek gesien het.

Ek wil u net onderbreek. Die spruit wat u van praat, waar is hy? As ŉ mens nou na foto <u>CA5</u> kyk, is hy aan die linkerkant of aan die regterkant van die foto? -- Die

spruit/...

spruit is parallel met hierdie hoofpad wat ŉ mens sien daar. Dit wil sê aan die linkerkant, dit is nie sigbaar op die foto nie, want dit is meer links van hierdie pad.

Met ander woorde, die spruit lê noord van Selbourneweg en hy loop parallel met hom? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Beskuldigde nr. 8 se getuienis by hierdie hof was gewees dat hy het om 07h45 by die kerk gearriveer, dit is kwart-voor-agt. Toe hy daar by die binnehof van die kerk kom op daardie tydstip het hy vir Esau en beskuldigde nr. 17 en ŉ groep mense reeds daar in die binnehof aangetref. Toe hy hom daar aangetref het, was daar merkpenne en die kartonne waarvan hulle plakkate gemaak het en hulle het dit begin maak en Esau het nooit daardie plek verlaat behalwe dat hy op ŉ stadium in die kerk ingegaan het nie?

MR BIZOS : My Lord, if my memory serves me correctly, there is evidence both from the State and from accused no. 8 that there was a trip to get cardboard boxes.

COURT : I remember that he went to fetch cardboard boxes and that he and youths returned with cardboard boxes. That was the State evidence, but I do not know at what stage that was.

MR BIZOS : Your Lordship is correct and I recall that it was IC.8 who said that or some other witness, it may have been Mr Mahlatsi, I am not sure, but I think that the evidence of accused no. 8 was also, subject to my memory not failing me, that Esau did go ago for some other purpose. For the purpose of getting cardboard boxes.

HOF : Mnr. Jacobs, sal u asseblief net die notule uithaal en kyk of u stelling korrek is.

MNR. JACOBS : Volume 171 bladsy 8 809 heel bo word die

tyd aangegee daar waar mnr. Bizos kom gelei het "As a result of the agreement by us, the meeting which was held on the 2nd, that we, the people from the committee, must be there early. I arrived there at 07h45." Dan 'n bietjie laer af sê hy so in die middel net bokant die (20) aan die kant "On arrival there the following people were already present Esau Raditsela, Sam Matlole." "Court: No. 17? - Yes, and a small group of people."

HOF : Waar staan dit dat Esau nooit weggegaan het nie?

MNR. JACOBS : Ek het nou nie presies die plek nie, maar dit was gesê dat Esau het daar gebly en hulle gehelp.

HOF : Ja-nee, maar u moet daardie plek nou vir my kry, want dit is nou juis in geskil. Dit is die spesifieke plek wat ek soek. Hierdie stukkie het u nou vir my gelees. U kan die vraag ook daar laat as u nie die bewysplek het nie. Moenie te veel tyd mors nie.

MNR. JACOBS : Ek sal die plek lateraan kry. Ek sal terugkom hiernatoe. Ek wil dit aan jou stel dan dat om 07h45 was Esau al daar met merkpenne en met skryfbehoeftes.

HOF : Wil u enige kommentaar daarop lewer? U hoef nie as u nie wil nie. -- Ek weet nie wat daar gebeur het in my afwesigheid terwyl hulle daar was saam met Esau nie.

MNR. JACOBS : Maar die belangrike punt is dat die skryfbehoeftes was toe alreeds daar en hulle het nie nodig gehad om jou skryfbehoeftes te kry nie.

HOF : Wel, dit is u afleiding, maar het die kokipenne nie dalk leeg geraak nie? Kokipenne het daardie neiging, mnr. Jacobs.

MNR. JACOBS : Beskuldigde nr. 9 sê hy het om 08h15 daar aangekom, dit is volume 180 bladsy 9 282, en dat toe hy

daar/...

daar gekom het, het hy gekry dat Esau daar was, beskuldigde nr. 17 en andere en dat beskuldigdes nrs. 8 en 15 besig was om plakkate te maak. Het jy enige kommentaar daarop? -- Ek dra geen kennis daarvan nie.

Ek wil dit aan jou stel dit is nooit in hierdie getuies se getuienis beweer dat kokipenne daar leeg geraak het en dat hulle moes gaan om nog weer kokipenne te kry nie? -- Ek weet nie van kokipenne wat leeg geraak het nie, maar wat ek weet is dat Esau vir my penne gevra het en dus het ek die penne vir hom gebring soos versoek.

Het u beskuldigde nr. 9 geken voor die tyd? -- Nee.

HOF : U weet wie is nr. 9? -- Ja, Legwagwa.

MNR. JACOBS : Het jy hom nie daar by die hek aangetref nie? --Nee, ek sal nie weet of hy daar was toe ek daar gekom het of nie.

Het jy vir Reverend Mahlatsi geken? -- Ek het Mahlatsi leer ken na die onluste. Dit wil sê ek het hom destyds nie geken nie.

U sê u is ongeveer 08h00 daar verby die Roomse Kerk? -- Ja.

As jy daar verby die Roomse Kerk ry en jy kyk op jou linkerkant, net as jy die Roomse Kerk verby is en jy kyk na die linkerkant toe, het jy 'n uitsig op die Teachers College, die Sebokeng College?

MR BIZOS : Because of lack of clarity, I would ask the prosecutor to use the words of the witness. The witness uses the Teachers Training College, that the prosecutor uses the Teachers Training College. May I assure Your Lordship that we did not at the time that this evidence was given that was put to the third witness for the defence until

that/...

that attempted connection, we did not connect it with that particular building.

COURT : No doubt we will clear it up at some stage and in the meantime we will stick to the witness's terminology. Laat ons nou net eers duidelikheid kry, mnr. Jacobs. As ek dit reg het, het u gister aangedui dat dit aan die linkerkant van die pad lê?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : ŉ Bietjie verder op?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : En het ons die nommer 66 daarvoor gegee?

MNR. JACOBS : Dit is nommer 66.

HOF : Goed, gaan maar voort.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel dat hierdie plek wat jy noem die Teachers College is ook algemeen bekend as die Sebokeng College? -- Ek weet van Sebokeng Teachers Training College.

Dit is sy volle naam, maar in die algemene spreektaal word hy na verwys as die Sebokeng College? -- Ek het dit nog nooit gehoor dat mense na daardie plek verwys het as Sebokeng College nie.

HOF : U het nou daar groot geword? -- Ja.

As ek nou vir u sou gesê het Sebokeng College, watter moontlikhede sou u in gedagte gehad het? -- Daar is ŉ ander kollege in Gebied 13.

Kan u aan enige ander dink? -- Daar is nog ŉ ander een daar in die nabyheid van Gebied 7. Dit is ŉ hoërskool.

Ja, maar noem u ŉ hoërskool ŉ kollege? Laat ons nou net die algemene terminologie hê. -- Ja, kollege word gebruik selfs vir die hoërskool, byvoorbeeld Wilberforce High School

word/...

word na verwys as Wilberforce College.

MNR. JACOBS : U Edele, onder die omstandighede, ons het probeer om hierdie ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : My Lord, I object to ex parte statements being made about this. We are busy running our case and if we come to any agreement in relation to any matter, Your Lordship will be told about the agreement, but I object to ex parte statements being made in regard to this.

MNR. JACOBS : Ek is nie met ŉ ex parte verklaring besig nie. Ek wil ŉ aansoek rig by hierdie Hof. Kan mnr. Bizos my nie kans gee dat ek praat dat hy hoor wat wil ek sê en dan kan hy besluit of hy daarteen ŉ beswaar wil maak nie.

HOF : U moet u aansoek rig as dit in verband is met hierdie getuie nou, maar as dit in verband is met iets anders, nadat ons klaar is met die kruisondervraging van die getuie.

MNR. JACOBS : Dit is van wesenlike belang dat hierdie getuie gekruisverhoor sal word oor hierdie kollege. Ons het probeer om die punte op te klaar om te sien, maar dit lyk vir my hier gaan ŉ groot geskil wees. Dan wil ek vra, die Hof het die voorstel gemaak van dat as ons nie kan ooreenkom nie, dat daar ŉ inspeksie ter plaatse gehou moet word. Hierdie is so ŉ belangrike aspek dat ek voel dat, en ek wil by die Hof dan aansoek doen, dan ons dan die inspeksie hou om hierdie punte op te klaar. Ek kan hom nie behoorlik kruisvra as ons nie klarigheid en duidelikheid het oor hierdie punt of hierdie Teachers College ook die Sebokeng College is wat daar verbrand is op die betrokke dag.

HOF : Is daar enige probleme mee dat ek gevra word om die beskuldigde te herroep op die betrokke aspek as ek klarigheid oor die aspek sou kry by inspeksie?

MNR. JACOBS : U Edele, al wat ek kan sê is ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Reëlings van inspeksie sal lank neem. Dit is nie ŉ maklike saak nie en ek wil so gou as moontlik die beskuldigde onthef van die las wat op hom rus om ŉ getuie te wees.

MNR. JACOBS : Ek aanvaar dit so, maar dit is ook vir die Staat van belang om hom spesifiek te kruisvra op hierdie aspek. Dit is ŉ belangrike aspek op hierdie stadium van die hele mars. As dit so is dat die plek al gebrand het om 08h00 die oggend, dit is ŉ duidelike sigbare plek, dan moes die mense dit gesien het en hierdie mars het nogtans voortgegaan as gevolg van plekke wat alreeds gebrand is. Die getuienis is hy is aangeval op daardie tyd ongeveer 08h00 en toe aan die brand gesteek. Dit is van wesenlike belang in hierdie saak. Ons het probeer om die ding op te los, maar My Geleerde Vriend het dit nou baie duidelik hier in geskil kom plaas dat die Teachers College en die Sebokeng College is nou nie dieselfde wat hulle aanvaar nie. Nou word dit van wesenlike belang dat ons presies weet watter een is watter een.

HOF : Ja, maar, mnr. Jacobs, daar mag dalk ŉ hele klompie ander geskilpunte wees en ek gaan nie meer as een keer op inspeksie nie. Het julle nou al met mekaar uitgestryk presies wat is die geskilpunte?

MNR. JACOBS : Mnr. Tip en mnr. Fick het vanoggend ontmoet en saam gepraat, maar toe het hierdie punt nie so uitgekom nie. Toe sou mnr. Tip teruggegaan het na die beskuldigdes toe en ons het nog nie weer na hom toe teruggekm nie. Ons weet nou nog nie op hierdie stadium presies wat is die posisie met die verdediging nie.

HOF : Ja-nee, gaaf, ek sal hoor wat sê mnr. Tip of

mnr. Bizos/...

mnr. Bizos.

MR BIZOS : My Lord, the State is busy cross-examining the witness. There is no doubt in the witness's mind and I submit no doubt in Your Lordship's mind now as to which place this witness refers to as the Teachers Training College or the Sebokeng Teachers Training College. The prosecutor is in a position to ask all the questions he wants to ask about the condition of that building at 08h00 or at 08h30 or at 09h00 or the next day or at any other time, so that no inspection in loco is needed in relation to that at all. This witness has already been in the witness-box for approximately five days if my count is correct and he is entitled to some consideration. If the State has proved that the particular building that the witness is describing was in a particular condition at the time, then Your Lordship will take that into consideration in assessing his credibility. No inspection in loco is needed in relation to that. There is clarity as to which building he is referring to. If the State has proved that that is the building, then certain inferences will be drawn from that. I am not unmindful of the fact of Your Lordship's power. The State has no power to lead any more evidence unless Your Lordship - a proper application is made at the end of our case, to lead further evidence and that leave is granted. Also Your Lordship has power to recall witnesses or possibly - but that situation will be dealt with when the occasion arises. It has nothing to do with the cross-examination of this witness, because there is absolute clarity as to what building the witness is talking about. Your Lordship knows what building he is talking about. The prosecutor knows what building he is talking

about and I submit that the prosecutor must proceed with his questions, without any ex parte statements as to what their intentions are or what they might do in the future or whether they are going to ask Your Lordship to hold an inspection. One knows from our practice that an inspection is called for when there is doubt as to the identity of the particular place that the witness is talking about, but there is no doubt about that in this case. The doubt is because of the loose - well, do not let me hatchet the case now... (Court intervenes)

COURT : Well, the doubt is about a place which another witness spoke of.

MR BIZOS : Which another witness spoke of. We do not need an inspection with this witness for him to show us how he came from his home to Small Farms. I think it is patently clear and I may say we are indebted to the State for the photographs that they have made available and they were entitled to put them to the witness and it made it much clearer.

HOF : Wil u nog antwoord daarop? Ek sien geen rede, mnr. Jacobs, onderhewig aan wat u vir my sê, dat ek nou op my inspeksie moet gaan nie. Die punt is geïdentifiseer op my kaart, my lugfoto, as punt 66 en u kan alle stellings maak wat u geregtig is om te maak op die getuienis wat voor die Hof is aan die getuie. U kan beweer dat daardie plek se naam Sebokeng College is en op daardie basis voortgaan.

MNR. JACOBS : Soos dit u behaag. Mnr. Mokoena, ek stel dit aan u dat hierdie plek wat jy noem Teachers College is die Sebokeng College en algemeen bekend as die Sebokeng College en so is hy ook geïdentifiseer op hierdie kaart.

HOF : Nee, wag nou net so ŉ bietjie. Watter kaart is hy op geïdentifiseer as Sebokeng College?

MNR. JACOBS : 66 is wat ek eintlik bedoel.

HOF : Ek het op my kaart by 66 geskryf Teachers Training College. Moenie vir die getuie verkeerde inligting gee nie.

MNR. JACOBS : Punt 66, hierdie kollege is in die algemeen bekend as die Sebokeng College ook? -- Die plek is nie aan my so bekend nie.

En ek wil dit aan u stel dat op die oggend van 3 September was daardie plek om 08h00 reeds aangeval en aan die brand gesteek? -- Ek is die oggend daar verby. Daar was geen aanduiding met my verbygaan daar dat daardie plek al aangeval was op enige manier nie, alhoewel die omheining daar van klip gemaak is, dit wil sê ŉ muur gebou is van omtrent vyf tot ses voet hoog, maar daar was geen aanduiding vir my om dit te kan sê nie.

Kan jy vir ons sê, dra jy kennis of hierdie gebou in werklikheid gedurende die onluste van 3 September afgebrand is? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Of gesien daarna voor jou arrestasie? -- Nee, ek het dit nie opgelet nie.

Toe jy die oggend daar gery het, sal u saamstem as daardie plek gebrand het en die rook was daar, dan was dit ŉ opsigtelike iets gewees wat ŉ mens sou raakgesien het? -- Ja, dit is byna op die pad wat ek gery het. Indien daar enige rook was, sou ek dit gesien het, maar ek het dit nie gesien nie.

En daar waar jy by Esau gestaan het op daardie hoek waar jy hom ontmoet het, daarvanaf sou die kollege, stem jy saam, die onderwyskollege sigbaar gewees het en as daar ŉ

aanval/...

aanval gewees het dan sou jy dit ook kon gesien het? -- Soos ek sê, al was ek ŉ distansie vanaf hierdie onderwyskollege gewees, was my uitsig nie belemmer nie. Ek sou in staat gewees het om rook te sien daar vanwaar ek was.

En as ŉ groep mense dit aangeval het daar in die straat sou jy dit gesien het daar van die hoek af waar jy by ESau was? -- Ek het alreeds vir die Hof gesê dat die plek omhein is met ŉ klipmuur. Indien die persone wat na verwys word binne-in op die perseel was, met ander woorde anderkant die muur, sou dit vir my moeilik gewees het om te sien of daar persone is wat daar was, weens die distansie en die omheiningsmuur, maar as die persone aan die westelike ingang was, dit wil sê toegang gekry het van die weste af vanwaar ek gestaan het, sou ek daardie persone gesien het.

En as mense uit daardie kerk uit later ongeveer 09h00 in ŉ opmars geloop het, sou dit ook duidelik sigbaar gewees het in die pad soos hulle loop, as die plek gebrand het daardie tyd?

HOF : Vir wie?

MNR. JACOBS : Vir mense wat loop.

HOF : Mense in ŉ optog wat op die pad loop?

MNR. JACOBS : Mense wat in ŉ optog op die pad loop? -- O, ja, duidelik. As daar rook was, dan moes hulle dit gesien het.

Die oggend toe jy gery het na jou vriend toe, het jy enige groepe mense teëgekom wat op die pad aktief was?

HOF : Daar was heelwat moontlik die gewone voetgangerverkeer.

MNR. JACOBS : Ek sal dit meer nader omskryf, wat jou miskien voorgekeer het op die pad? -- Dit hang af wat die vertolking is van voorkeer. Ek het in my getuienis gesê dat ek ŉ

baie/...

baie groot verkeer van mense gesien het wat in die rigting van die Roomse Kerk gestap het, as gevolg waarvan die mense op ŉ stadium in my pad was, dat ek vir hulle pad moes gegee het om eers verby te gaan, nie dat hulle voor my gestaan het en my gekeer het nie.

Waar was die mense in jou pad gewees dat jy sê jy moes padgee vir hulle? -- Wat ek daarby bedoel is, die mense loop op die teergedeelte van die pad. Ek kom daar aangery op dieselfde vlak. Hulle het my voorgekeer en my beweging belemmer in die sin dat hulle in my pad gestap het. Dus moes ek stadig beweeg het sodat hulle pad kon gee vir my om te kan verbygaan.

So, het hulle vir jou padgegee en nie jy vir hulle nie? -- Ja, dit is hulle, want ek het met ŉ voertuig gery.

Jy sê dit was ŉ baie groot groep gewees? --Ek sê dit was baie mense.

<u>HOF</u> : Laat ek net duidelikheid kry met wat u bedoel. Baie mense kan wees ŉ hele klomp mense wat onafhanklik van mekaar beweeg maar na dieselfde punt toe miskien of ŉ klomp mense wat in ŉ groep saam loop na dieselfde punt toe? -- Ek praat van baie mense in die sin dat ek daar by daardie punt gekom het en opgemerk het dat daar baie mense was wat in dieselfde rigting beweeg en dit was dus vir my nodig gewees om ŉ toeter te blaas byvoorbeeld dat hulle pad moet gee vir my om verby te gaan. Of die mense met die doel in ŉ klomp was om na ŉ sekere plek toe te gaan al dan nie, sal ek nie kan sê nie.

<u>MNR. JACOBS</u> : Laat ek net dit kry, presies waar was hierdie groep mense, in watter gebied? -- Dit was naby Gebied 8. Net voor daardie huise van Gebied 8.

En/...

En in watter rigting het hulle geloop? -- Toe ek vir die eerste keer opgemerk het dat daar wel mense of baie verkeer van voetgangers was, was dit mense wat deur die veld geloop het in die rigting van die Roomse Kerk. Terselfdertyd het ek opgemerk dat daar van die verkeer op die teerpad was, dit is die teergedeelte waar ŉ mens moet ry, ook in die rigting van die Roomse Kerk.

Van watter kant af? Toe jy van jou vriend af gekom het of toe jy van jou huis af gekom het? -- Hierdie verkeer het ek raakgeloop op pad terug huis toe vanaf my vriend se plek. Die verkeer wat ek van praat was aan weerskante van die pad, soos wat ek daar gery het.

HOF : Laat ons nou net duidelikheid kry. Laat ons nie verwarring kry nie. Die prentjie wat ek op die oomblik van u het is dat toe u gegaan het en Esau op die hoek gekry het en verder gery het na u vriend toe, toe was daar eintlik net die normale voetganger verkeer. Toe u terugkom toe was daar oor die veld ŉ klomp mense wat aangestap gekom het en daar was ook in die pad ŉ klomp mense wat aangeloop het? -- Dit is reg.

En die mense wat in die pad geloop het, het geloop êrens tussen die Kommissarisgebou en die kerk in Selbournestraat? -- Dit is reg, daar was mense gewees in Selbourne. Dit is mense wat ek miskien sal moet aanvaar van Gebied 7 af gekom het. Daar was mense ook deur die veld wat ek dink van Gebied 3 se rigting af gekom het. Ek sal nie sê dat hulle saam in een groep bymekaar geloop het nie. Ek sê dit is baie mense wat in dieselfde rigting loop, want ek het nie geweet of hulle sou saam loop nie, maar hulle loop in dieselfde rigting.

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Ek verstaan nou nie hoe kan hulle nou saam loop alhoewel in dieselfde rigting nie, want een klomp is op die pad en een klomp is in die veld? -- Wat ek sê is die volgende. Hier sien ek mense, persone in die veld wat loop in die rigting van Selbourne Road en terselfdertyd sien ek hierdie verkeer van mense wat alreeds op Selbourne Road is in die nabyheid van Gebied 9. Die mense lyk vir my kom by Selbourne Road aansluit. Dit is die een wat in die veld is. So, dit is vir my duidelik dat die mense in dieselfde rigting loop, maar hulle kom mekaar ontmoet by Selbourne Road.

Hierdie mense wat jy nou hierso gesien het wat uit die rigting van Gebied 3 uitkom na Selbourne Road toe, het hulle daar by die Sebokeng Teachers Training College verbygekom?

HOF : Kom ons werk nou net met die begrip wat die getuie gegee het en hy het gepraat van die Teachers Training College.

MNR. JACOBS : Teachers Training College dan? -- Nee, nie by die kollege verby nie, maar heelwat onder verby, ver van die kollege af.

Toe jy hulle sien, hoe ver was hulle van die kollege af, die Teachers Training College? -- Kyk, die posisie is so. Toe ek hierdie baie mense daar gewaar het, is die Teachers Training College alreeds agter my. Dit wil sê ek is met my rug na die kollege toe.

Sê nou net vir ons, hoe ver was daardie mense omtrent wat jy in die veld gesien het van die kollege af, die Teachers Training College? -- Hulle was heelwat ver. Ek skat dit ongeveer 400 meter.

Wat het hierdie mense gedoen? -- Ek sê hulle het in die rigting van die Roomse Kerk gestap.

Het hulle geraas en geskreeu en slagspreuke geskreeu of gesing? -- Nee.

Jy het die kwalifikasie gemaak dat hierdie mense kom uit die rigting van Gebied 3. Hoekom sê jy so? -- Ek het verduidelik hierso dat ek dit sal aanvaar. Ek het nie gesê hulle kom daarvandaan nie. Ek het gesê ek sal aanvaar dat die mense van my linkerkant is van Gebied 7. Die mense van my regterkant kom van Gebied 3.

Maar ek vra nou vir jou, hoekom kwalifiseer jy hulle aan Gebied 3? -- Ja, maar ek weet nou as gevolg van hier-die verrigtinge in hierdie hof dat op hierdie dag was daar ʼn optog gewees by die Roomse Kerk. Dus mense moes daar bymekaar gekom het.

HOF : Kan u net vir my op BEWYSSTUK CA6 met hierdie rooi pen ʼn klein kolletjie plaas waar u die Teachers Training College sien. Maak dit asseblief ʼn baie klein kolletjie. -- (Getuie dui plek aan net bokant die woord "Commissioner" is daar twee huise met ʼn witterige dak en dan is daar twee strukture agter hulle wat donkerig lyk. Die strukture vorm die onderwyskollege) (Kolletjie is geplaas in die middel van die vier strukture)

Ek dui dit op my foto aan by wyse van ʼn pyltjie en ek skryf daarby Kollege. Die vier strukture is hulle nou goed sigbaar vanaf die hoek waar u met Esau gestaan en gesels het? -- Nee, heeltemal duidelik nie. Jy sien net die dak van die strukture en gedeeltelik die vensters ook.

Ek bedoel eintlik net, tussen laat ons sê die muur wat dit omring en die plek waar u met Esau gesels het, dit lyk op die foto asof daar groenigheid is. Is dit lae bossies of is dit hoë bome wat langs Selbourne Road aan die

noordekant/...

noordekant staan? Wil u weer na die foto kyk? As ŉ mens ŉ lyn sou trek van die hoeke waar u met Esau gesels het tot by daardie kollege, is daar bome tussenin of is daardie groenigheid wat ek op die foto sien net lae bossies en gras? -- Ek neem aan dit is net gewone bossies wat daar staan. Dit is nie hoë bome nie. Dus kon hulle nie my uitsig belemmer het vanwaar ek gestaan het om ŉ uitsig te hê op daardie strukture nie.

MNR. JACOBS : Die groep wat in die pad was self, kan jy net vir ons duidelik sê hoe was hulle gewees? Was hulle in die pad, in die ry-oppervlakte of was hulle op die kante, want netnou op ŉ vraag het jy gesê hulle was op die sykante van die pad. Ek wil net duidelikheid kry. -- Daar was van die mense wat op die ry-oppervlakte van die pad beweeg het. Dit is eintlik aan my korrekte kant van die pad waarop ek moes gery het, as gevolg waarvan ek stadig moes beweeg het. Daar was wel van die mense wat van my regterkant af gekom het, dit wil sê die pad gekruis het vanaf my regterkant wat ook dan my beweging daar belemmer het dat ek stadig moes beweeg het, behalwe die mense wat nou aan my linkerkant op die skouer van die pad beweeg het.

Ons was besig ook gewees met hierdie, hoekom sê jy die mense kom van Gebied 3 af? Is dit nie moontlik dat hulle van Evaton af gekom het nie? -- Die manier en die rigting wat hulle daar gevolg het, was ŉ beter aanduiding vir mense wat van Gebied 3 af gekom het en as dit so is, dat die mense van Evaton af gekom het, dan het hulle van die gedeelte van Evaton gekom wat grens aan Gebied 3.

Maar jy sien, dit is hoekom ek vir jou vra, want dit lyk vir my dat tussen die Roomse Kerk en Gebied 3 is daar

ŉ groot/...

ŉ groot deel van Evaton wat tussenin is? Daarom sê ek ek weet nie hoekom jy sê dat die mense van Gebied 3 af gekom het nie, tensy jy oor spesiale kennis beskik? -- As daar mense was wat van Evaton af gekom het om by die Roomse Kerk uit te kom daar waar die veld waarna verwys word, is daar ŉ spruit waardeur hulle moes geloop het en daardie spruit daar het ŉ dam van water as gevolg waarvan Evaton se mense dit moeilik sou gevind het om direk sommer deur daardie veld te beweeg waar ek hierdie mense gewaar het. Evaton se mense om by daardie plek uit te kom, dit wil sê die Roomse Kerk, sou verder vorentoe gegaan het om ŉ kruisplek te kry voor die spruit, dit wil sê ek sou hulle nie gesien het nie.

HOF : Die spruit is duidelik aangedui op die lugfoto. Daar is ŉ groot gedeelte wat onbeboud is langs die spruit. Is dit ŉ vlei-area? -- Ja.

Dit lyk eintlik baie groot wat onbeboud is, as ŉ mens nou kyk - as ŉ mens nou van die Teachers Training College af noord gaan byvoorbeeld, dan is daar ŉ baie groot stuk voor jy by die spruit kom en dan is daar weer ŉ baie groot stuk voor jy by Unionstraat kom. Is dit onbeboud omdat dit alles vlei is of is daar ŉ ander rede waarom dit onbeboud is? -- Aan die noordekant van Selbourne Road kry ŉ mens eers ŉ groot grawe plek van grond of ŉ "quarry". Dit is regoor oor die Kommissaris se geboue daar en na dit kry ŉ mens die stadion. Onmiddellik na die stadion kry ŉ mens daardie spruit. Dit is die stadion waar Rabotape se fees gehou was. Onmiddellik na dit kry jy die spruit.

MNR. JACOBS : As ŉ mens afdraai van Selbournestraat net nadat jy die kollege verby is, die Teachers College en

jy draai noord, is dit nie ŉ pad wat daarso loop na Evaton nie? Weet jy of daar ŉ pad loop? -- Watter rigting toe? Westelike rigting?

Noord? As jy noord draai uit Selbournelaan uit verby die kollege daar op die hoek as jy noord draai daar, kan jy nie daarvanaf padlangs reg deur ry tot in Evaton nie? -- Ek verstaan dit, maar my vraag aan u om duidelik te wees is, terwyl ek nou gery het van oos na wes in Selbourne, is dit die pad wat u van praat?

Ja? -- Ja, daar is ŉ pad daar by die Kommissaris wat in daardie rigting gaan by die Teachers College wat jy kan gebruik tot by die aansluiting van Union Road. Jy moet nog weer ŉ keer deur daardie spruit gaan. Dit wil sê voor jy by Union Road uitkom moet jy deur die spruit gaan.

HOF : Dit lyk eintlik of jy oor die spruit gaan en nie deur die spruit nie? -- Oor die spruit, want daar is ŉ brug.

MNR. JACOBS : Behalwe vir hierdie groep wat jy nou daar ontmoet het naby die, nou nie om verwarring te bring nie, Gebied 8 sal ek dit noem of hierdie twee groepe wat jy gesien het wat almal na die Roomse Kerk toe stap, tussen die Roomse Kerk en jou vriend se plek, hetsy met die soontoe gaan of met die terugkom, het jy ander groepe ontmoet wat jou voorgekeer het?

MR BIZOS : My Lord, has the witness said that he was "voorgekeer" by any group?

COURT : No, no, he is asked. He has not said so, he is asked.

MR BIZOS : The way I understand the question is that he was "voorgekeer" by a group and did any other group "voorgekeer" him.

MNR. JACOBS : Was jy voorgekeer deur enige groepe mense in die tyd vandat jy by die Roomse Kerk weg is na jou vriend toe en weer terug na die Roomse Kerk? -- Nee, nêrens nie, behalwe dit waarvan ek reeds gepraat het waar ek gesê het ek het baie mense opgemerk.

HOF : Ek moet nou duidelikheid kry oor die begrip "voorkeer". Ek kry die indruk as ʼn groep ʼn mens voorkeer, dat die groep jou aspres stop en as ʼn groep jou weg versper, dan doen hulle dit nie noodwendig aspres nie. Dit is my idee van voorkeer. -- Die mense het my pad versper. Andersins was daar geen mense wat my doelbewus voorgekeer het nie.

MNR. JACOBS : Ek wil net teruggaan na die punt wat ek netnou gesê ek terug na sal kom. U Edele, ek het die bewysplaas gekry. Ek wil dit ook aan jou stel dat mnr. Nkopane ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Voordat u dit nou stel en ons weer ʼn beswaar kry, wil ons net eers weer die bewysplaas hê.

MNR. JACOBS : Dit is beskuldigde nr. 8 in volume 177 op bladsy 9 114. Ek het die ander deel reeds aan jou gestel. Wat nog uitstaande is, is die volgende. Dit is die deel wat begin waar staan "Mnr. Hanekom: Het Esau die hele tyd daar gebly waar julle die plakkate gemaak het, terwyl julle besig was daarmee? - Ja, hy het aanwesig gebly tot op die tydstip wat ons moes weggaan." "Bedoel u dat die optog moet begin? - Ja, dit is so." "Het Esau daar gebly tot die optog reeds opgestel was? - Net voor ons begin het met die optog het ons hom, Esau, versoek dat hy die mense uit die saal moet kry en ook melding van die dissipline wat ons in die vergadering van die 2de alreeds bespreek het met betrekking tot die optog." So, wie is nou korrek? Watter is nou

die/...

die korrekte weergawe? Jy wat sê Esau het twee keer daardie oggend, die eerste keer om 08h00 en die tweede keer net voor 09h00 die vierkant daar verlaat in die kerk se perseel om na die kerk se huis toe te gaan en die ander keer om jou te ontmoet?

HOF : Nee, nee, wag ŉ bietjie. Ek het nie daardie indruk nie. My indruk van die getuie is dat om 08h00 ongeveer hy Esau op die hoek ontmoet het en dat hy voor 09h00 teruggekom het en Esau gesoek het, Esau nie gevind het nie en die koki's vir iemand anders gegee het.

MNR. JACOBS : Ja, maar dit is daar gerapporteer aan hom dat Esau is na die opsigter se huis toe.

HOF : Dit is wat iemand gesê het.

MNR. JACOBS : Maar die hele punt is dan wie is korrek? Volgens die getuienis wat hier aangebied is deur beskuldigde nr. 8 was Esau alreeds voor 08h00 by daardie vierkant en daar het hy gebly, hy het dit nie verlaat nie, totdat hy in die kerk ingegaan het. Wie is nou reg? -- Wat ek daaromtrent kan sê is dat ek myself op hierdie perseel van die kerk bevind het omdat Esau my vroeër gevra het om vir hom penne te kry. Dus het ek die penne daar gaan aflewer.

Wie is reg dat Esau daar gebly het in daardie vierkant en as jy dan daar gekom het om penne te gaan afgee, dan moes jy hom nog daar gekry het? -- Wat ek weet wat daar plaasgevind het, is dat ek navrae gedoen het by ŉ persoon oor waar Esau op daardie stadium was. Die persoon het vir my gesê Esau is in ŉ sekere huis wat die persoon vir my aandui. Ek gee toe vir die persoon die penne en sê "Gee dit vir Esau."

En is dit so dat toe jy daar gekom het om die penne

nou/...

nou af te lewer, toe was die mense besig om plakkate te maak daar? -- Dit het ek nie gesien nie.

Het jy probeer vasstel toe jy daar was wat gaan nou aan by hierdie kerk? -- Nee.

Het dit jou nie nuuskierig gemaak nie? -- Dit was nie vir my nodig om te weet wat daar gebeur en hoekom ek nie nuuskierig geword het nie, want al waarvoor ek daar was, was om net die penne te gee.

Het jy nie gewonder waarom die mense hier bymekaar kom en plakkate maak en waarvoor dit is nie? Wou jy nie vasstel nie? -- Ek het nie gevra nie.

Die oggend toe jy gery het daar, het jy opgemerk dat daar heelwat plekke is waar daar baie digte rook in die lug is? -- Nee.

K598 Die getuienis is hierso dat die oggend ongeveer 07h10 was in die Gebied 13 die Administrasieraadskantore en voertuie aan die brand gesteek. Dit is in volume 70 pagina 3 739. Dat in Gebied 7 die Administrasieraad se kantore alreeds gebrand was voor 09h00 die oggend. Dit is volume 70 bladsy 3 762. Jy moes naby Gebied 7 verbyry. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Is jy naby Gebied 12 verby? -- Nee, dit is ver van my af daardie.

Want 09h00 die oggend was raadslid Shabalala ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net 'n oomblik. Watter nommer is dit in Gebied 7?

MNR. JACOBS : Nommer 32.

HOF : As 'n mens in Nyembezistraat ry, dit is Heath, dan word dit Selbourne en dan word dit Nyembezi en 'n mens ry na 'n vriend toe in Residensia, kom jy op 'n stadium waar

jy/...

jy oor die oop veld kan kyk na die Administrasiekantore in Gebied 7 nie? -- Op pad na hierdie vriend van my toe, dit is die een van die 3de en nie die 4de nie, is daar ꞌn gedeelte waar ek by ꞌn stuk oop veld verby moet gaan. Met die kyk in die rigting van die opening daar, kan ꞌn mens die Administrasiekantore sien wat in Evaton geleë is.

HOF : Ek wonder of ons van dieselfde Administrasiekantore praat. Kyk ꞌn mens na regs, soos ꞌn mens na u vriend toe ry, ꞌn mens ry oos, kyk ꞌn mens dan regs? -- As jy na oos beweeg net na jy by die Kommissariskantore verby is, kyk jy links en dan sal jy die Kommissaris se kantore sien- die Administrasiekantore.

Nee, ons praat nie van dieselfde ding nie. Kyk na my kaart BEWYSSTUK AR1. Die ordonnans toon nou vir u ꞌn punt gemerk 32 op AR1 . Dit lê suid van Nyembezistraat wat ook Selbournestraat is. Dit is die Administrasiekantore van Gebied 7. -- Ja, ek sien dit.

Soos dit vir my lyk, as ꞌn mens in Selbournestraat oos ry, kom jy op ꞌn punt waar jy regs kan kyk oor die veld kyk en daardie gebou sien? -- Ja, dit is so.

En dit is ꞌn goeie uitsig. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Dus, as daardie gebou brand, dan sal jy dit sien? -- Ek sou dit gesien het.

MNR. JACOBS : Het u dit gesien brand? -- Nee.

As die getuienis reg is dat dit het al daardie tyd gebrand voor 09h00 die oggend, kan jy sê hoekom jy dit nie gesien het nie? -- Ek weet nie, want met my aankoms by die Roomse Kerk was dit voor 09h00 gewees. Dit wil sê vanaf Residensia en met my verbygaan daar het ek niks gesien nie.

Daar is getuienis dat om 08h00 die oggend in Gebied 7

was/...

was daarso of wat genoem was Sebokeng College, ons weet nou nie, ek aanvaar nou vir die doeleindes van hierdie vraag dat ek sê dit is daardie een nie, dit mag hy wees, maar dit mag ŉ ander een wees. In Gebied 7 om 08h00 daardie oggend is ŉ opvoedkundige gebou al gebrand. Dan sou die rook tog duidelik sigbaar gewees het as dit in Gebied 7 was? -- Ja, op die tydstip wat ek daar verby is, as daar enige brandende plek was, sou ek die rook gesien het van die plek.

HOF : In Gebied 7, kan u vir my al die plekke opnoem wat u sou beskryf as kollege? -- Die een daar geleë in die middel van Gebied 7. Dit is aan die suidelike kant van Sebokeng, Teachers Training College.

Wat is die naam van die een wat in die middel is? -- State School. Hy is bekend as State School.

Watter ding kan ŉ mens beskryf as ŉ kollege in Gebied 7 verder? -- In Gebied 7 is net daardie twee.

En die Teachers Training College? -- Ja.

Het die Teachers Training College - u sê dit het nie gebrand nie. Het die State School gebrand tydens die oproer? -- Nee, ek weet nie.

MNR. JACOBS : Die oggend om 07h30 is die getuienis het Mahlatsi se huis gebrand. Dit is in Gebied 11. -- Ek weet nie daarvan nie.

Die bewysplaas hier, daar is ŉ paar getuies wat hieroor getuig het, is volume 48 bladsye 2 419 tot 2 420, volume 71 bladsye 3 820 tot 3 821 en dan volume 6 pagina 3 120 tot 3 123.

HOF : Ek weet nie of u al drieduisend bladsye sou gehad het in volume 6 nie.

MNR. JACOBS : Ek kyk nou na dieselfde ding. Ek sal dit net weer nagaan. Dit kan miskien volume 76 wees.

HOF : Dit is iets in die sestig.

MNR. JACOBS : Dan wil ek dit aan jou stel dat die oggend van 3 September om 06h30 in Gebied 12 die Molanthoa Garage aan die brand gesteek en afgebrand is? -- Ek weet nie daarvan nie.

HOF : Ken u daardie garage? -- Ja, ek sien die garage geleë in Gebied 12 aan my linkerkant.

MNR. JACOBS : En hy is nie te ver van die pad waar jy daardie oggend gery het nie?

HOF : Waar is die garage op die plan, mnr. Jacobs. U sien die garage aan u linkerkant? -- Ek praat van Sebokeng Motors. Dit is die garage waarby ek verby is op pad na my vriend toe. Dit is geleë aan my linkerkant.

Ja, maar ek wil nou weet in Gebied 12 is die stelling is Molanthoa Garage. -- Ja, daar is so 'n plek.

Nou wil ek van u weet of u hom ken en of u weet waar hy lê? -- Ja, ek weet van die garage se bestaan.

Is hy langs die teerpad? -- Ja.

En is hy aan jou regterkant as jou nou ry in die rigting van Gebied 13 vanaf Evaton? -- Ja, dit is so.

Het hy 'n nommer, mnr. Jacobs? Die getuie kan dit miskien vir ons aandui. U moet asseblief as u onseker is vir my sê, maar ek sal bly wees as u vir my kan sê op hierdie kaart van my waar hy lê, die lugfoto, dit is AAR1.

MNR. JACOBS : Kan dit help deur te sê dat dit bekend staan as die BP Garage?

HOF : Kan u hom as die BP Garage? -- In Gebied 12?

Ja? -- As ek reg verstaan, volgens die getuienis hier,

op die pad wat die optog gevolg het, net voor die interseksie waarna verwys word aan jou regterkant is daar ʼn garage. Dit is die Molanthoa Garage waarvan ek weet.

Dit is dan nie die BP Garage nie. Kan u hom vir my aandui op die kaart of kan u nie die foto lees nie? -- Ja, nou sien ek. Net in die nabyheid van daardie 12 en die 56 is daar ʼn pyl getrek in die rigting van die rooi streep daar. Daar staan geskryf BP. Dit is die een waarvan ek praat.

Is dit die een wat ek gemerk het BP daar? -- Ja.

Maar dit is dan aan die linkerkant as ʼn mens van Evaton beweeg na Gebied 11 toe? -- As ek so daarna kyk volgens die optog wat daar beweeg het, is dit aan die suidelike kant van Evaton.

Nee, ek dink ek sê vir u verkeerd. Waar ek die merkie gemaak het is nie presies op die kol nie. Die garage lê in Gebied 12 langs die pad? -- Ja.

Die pyltjie moet net ʼn bietjie langer wees. Daardie wat ek gemerk het BP staan bekend by u as Molanthoa Garage? -- Ja.

Ek skryf op my kaart BP en Molanthoa.

MNR. JACOBS : U Edele, ek wil net vir u sê daardie bewysplaas wat ek netnou nie die nommer van reg gehad het nie is volume 60 bladsy 3 120.

HOF : Wel, die getuie weet nie daarvan nie, dit is nou die brand by Molanthoa Garage.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Kan ons net seker maak, hierdie laaste bewysplaas, is dit Molanthoa Garage of Mahlatsi se huis?

HOF : Nee, dit is Mahlatsi se huis.

MNR. JACOBS : Ja, dit was Mahlatsi se huis.

HOF/...

HOF : U het nie 'n bewysplek vir Molanthoa gegee nie?

MNR. JACOBS : Ek is jammer. Volume 44 pagina 2 153 tot 2 154. Dan wil ek weer teruggaan met jou na Gebied 7, dat raadslid Buthelezi se huis vroeg die oggend toe die mense opgestaan het al gebrand het die oggend van 3 September 1983. Dit is in Gebied 7 en die nommer daar is 26 op AAR1. -- Ek weet nie daarvan nie.

Dieselfde oggend, tussen 08h00 en 09h00 die oggend ook in Gebied 7 was Mofokeng se huis aangeval en aan die brand gesteek? -- Ek weet nie daarvan nie.

Dit is volume 72 pagina 3 831 tot 3 833. Dan om 08h00 die oggend om 3 September 1984 in Gebied 7 is die huis van Nkiwane aangeval en afgebrand? -- Ek weet nie daarvan nie.

Dit is volume 72 pagina 3 853 tot 3 854. Ek wil dit aan u stel as u nou daardie tyd in die oggend wat u sê gery het na u vriend toe en die tyd toe u teruggegaan het na die Roomse Kerk toe, dan moes dit baie duidelik gewees het in die Gebied daar dat daar baie plekke is waar daar groot vure is, waar daar groot brande is en dat die rook die hele wêreld vol was en dan moes jy dit gesien het? -- Indien dit daar was in die tyd wat ek gery het, sou ek dit gesien het, maar ek het eers gesien dat daar brandende plekke was in verskillende gebiede naamlik 7, 11 en 12 terwyl ek by die huis was. Verskoon my, Gebiede 11 en 12, nie 7 nie.

En 7? -- 7 is ver van my af. Ek is aan die ander kant.

So, is jou getuienis dan, as dit daar was sou jy dit gesien het, dat dit het nie so gebeur dat daardie plekke gebrand is op hierdie tye nie? -- Wat ek sê is dat tydens my ry in daardie omgewing die oggend het ek geen rook gesien nie. Met die gevolg dat ek nie kan sê of daar enige

brandende plekke daar was nie, behalwe dat ek wel rook gesien het by Gebiede 11 en 12. Dit het ek gesien terwyl ek alreeds by my woning was en toe later opgemerk dat daar rook was by verskillende plekke.

HOF : Hoe laat het u ongeveer die rook by 11 en 12 gesien? -- Om 10h30.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MORAKE PETRUS MOKOENA, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mokoena, toe jy nou die rook opgemerk het, was dit duidelik sigbaar vanwaar jy was in Gebiede 11 en 12, vanaf jou huis? -- Ek kan nie sê dat die rook eintlik in Gebiede 11 of 12 was nie. Ek sê in die rigting van Gebiede 11 en 12 het ek rook opgemerk.

HOF : Ja, maar eintlik is die punt van die vraag anders gemik. Die vraag is, was dit duidelik sigbaar? -- Ja, dit was duidelik sigbaar.

MNR. JACOBS : Jy kon ook sien dit was duidelik plekke wat brand? -- Nee, al wat ek kon sien was die rook.

Jy kon sien dit is duidelik rookkolomme wat opgaan van sekere verskillende punte af? -- Ja.

En jy kon ook sien dit is by verskeie punte waar die rook so opgaan? -- Ja.

En ook in die rigting van Gebied 13 kon jy dit sekerlik sien? -- Nee, ek kon dit nie sien nie. Ek kon net sien in die rigting van Gebiede 11 en 12 wat naby my was.

HOF : Ek wil u nog 'n bietjie vra oor die topografie, asseblief. Die spruit het u vir my aangedui op die lugfoto. U huis is betreklik laag, is dit nie? -- Ja, in vergelyking met Gebiede 11 en 12.

Loop ŉ mens heelpad opdraand as ŉ mens van u huis in die rigting van Gebiede 11 en 12 loop? -- Ja.

En loop ŉ mens ook heelpad opdraand as ŉ mens van die Kommissariskantoor af loop in die rigting van Gebied 11? -- Ja, tot by ŉ sekere punt waar die pad ŉ draai maak na die westelike rigting toe. Dan word dit afdraand.

Watter kant toe loop die spruit? Van oos na wes of van wes na oos? -- Van oos na wes.

U sê die pad gaan dan weer ŉ bietjie af. Gaan dit dan daarna weer ŉ bietjie op? -- Ja, naby Molanthoa se garage, dan begin hy weer ŉ opdraande maak.

En is dit ŉ opdraande tot jy by Gebied 13 kom? -- Dit is ŉ effense opdraand vanaf die garage in die nabyheid van die pos. As ŉ mens nou suidwaarts draai, dan word hy ŉ opdraand.

Ja, eintlik wat ek net wil weet is of daar op ŉ stadium ŉ knop is wat weer afgaan na die ander kant toe, hoe ver ŉ mens se sig is? Loop alles nou maar opdraand tot by Gebied 14? -- Wat ek probeer verduidelik is die volgende. By die nabyheid van die pos is die oppervlakte daar gelyk, maar as ŉ mens nou meer in die rigting van Gebied 13 regs kyk, danmaak dit ŉ afdraand, dit wil sê ŉ sekere gebied van Gebied 13 is in ŉ afdraand en ŉ sekere gedeelte in ŉ opdraand vanaf daardie omgewing.

Ons moet oppas met regs kyk en links kyk. As ŉ mens nou by die poskantoor staan en jy kyk wes, kyk jy dan opdraand, gelyk of afdraand? -- Dit is ŉ afdraand.

En as jy aangaan sal jy uiteindelik seker by die spruit kom? -- Ja, dit is so.

En as jy van die poskantoor af suid kyk, hoe kyk jy

dan? Op of af? -- Opdraand.

Die poskantoor wat ek van praat is die poskantoor wat op die hoek lê tussen Gebied 11 en 12 en 13? -- Ja, dit is die poskantoor wat in Gebied 11 geleë is tussen Gebiede 11 en 12.

So, is dit dan rofweg gesproke so dat as ek van die poskantoor af suid kyk, tot by die hostel dit ongeveer opdraand is? -- Ja, dit is 'n opdraand.

MNR. JACOBS : En as jy nou ook kyk in die rigting van Gebiede 7 en 8 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Van waar af?

MNR. JACOBS : Van sy huis af, dan is die rook ook duidelik sigbaar. Is dit reg? -- Die pad, Selbourne Road, is gelyk waar die pad deurgaan en Gebiede 7 en 8 is baie ver van die punt vanwaar ek woon. Met die gevolg dat ek nie nou kan sê of ek enige rook daar gesien het nie, want dit is baie ver van my af.

En van die Roomse Kerk af sal dit baie duidelik wees as daar 'n kolom rook opgegaan het van sekere punte af? -- Ja, van die Roomse Kerk af.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL) : Dit is nou in 7 en 8?

MNR. JACOBS : In 7 en 8.

MR BIZOS : My Lord, there are just two aspects. It was put to Your Lordship and not really to the witness because he did not know, that the house of Simon Mofokeng, councillor Mofokeng was burning in Zone 7 and gave a reference as page 3 831 of the record. If Your Lordship looks at that, Your Lordship will see that Mr Simon Mofokeng's whose house was burning was at Sharpeville. So, that the questions put to the witness now are somewhat hypothetical insofar as Mr Simon Mofokeng's evidence is concerned. The other is that the

other/...

other reference that was given ... (Court intervenes)

COURT : I thought the reference was to Mahlatsi's house in Zone 11 and Buthelezi in Zone 7. You may be right. Yes, you are quite right. Mofokeng Zone 7.

MR BIZOS : We are asking the witness questions as to whether Mr Mofokeng's house was burning in Zone 7 and whether that was visible, but I think Sharpeville is somewhat 25 kilometres away. Perhaps he is entitled to ask whether from Small Farms that could be seen. The other is, it was put to the witness that there was evidence that the buildings were burning in Zone 13 at a certain time and the page number was given as 3 739. This witness was giving evidence about certain petrol bombs that she had seen, he, I beg your pardon, Van Deventer.

COURT : What is the volume number?

MR BIZOS : 3 739 volume 70. We read the following there. The question is asked by Your Lordship "Hoeveel petrolbomme het u daar gesien? - Ek het definitief twee gesien waarmee hulle my bakkie aan die brand gesteek het." "En die geboue? - Nee, die geboue het op daardie stadium nie gebrand nie."

COURT : I thought that something was thrown against the door and I have a recollection that it did not burn against the door. Was that the evidence?

MR BIZOS : It comes in later, but it is clear from the evidence that there was no building burning at that stage. So, that on both accounts in our respectful submission the cross-examination was hypothetical and based upon incorrect facts.

HOF : Mnr. Jacobs, as dit so is, ek stel nie belang in hipotetiese kruisondervraging nie, eerstens en as dit is

dat u die goed verkeerd stel, is dit misleidend vir my, want ek werk daarop en ek het nie die tyd om dit alles na te gaan nie. U moet tog asseblief seker maak.

MNR. JACOBS : Ek sal net weer seker maak. Ek kan miskien vir die getuie net vra of hy weet waar is Mofokeng se huis.

HOF : Wel, u kan net eenvoudig vir die getuie vra of hy in Gebied 7 iets gesien het en as hy niks gesien het nie, het hy niks gesien nie. U kan later dan al hierdie goed kom bybring en dan kan ons dit uitsorteer en debatteer en uitstryk. Dit help nie dat ons hierdie ding op hierdie manier doen nie. U het nie 'n bewysplaas gegee, hoor ek by my geleerde assessor, van Buthelezi se huis nie. Ek wil nie vir u sê hoe u u saak moet aanbied nie, maar ek persoonlik sou net eenvoudig aan die getuie gestel het "Het jy niks gesien in Gebied 7 nie? Ek stel dit aan jou daar moes rookkolomme gewees het" en dan kan dit in die uiteindelike debattering uitgestryk word.

MNR. JACOBS : Ek sal dit so stel. Ek stel dit aan u toe u daar gery het na u vriend toe, nadat u gestop het by die kerk by Esau en voor dit ook moes u rookkolomme gesien het in Gebied 7 en ook op die stadium toe u teruggery het na die Roomse Kerk toe, moes u ook rookolomme gesien het in Gebied 7? -- Dit is heeltemal reg. Indien daar enige rook was, sou ek dit gesien het op my pad heen en terug na my vriend toe. Soos ek alreeds gesê het, terwyl ek in my huis was, by my woning, het ek opgemerk dat daar rook was in die rigting van Gebiede 11 en 12. Dus het ek nie gesien dat daar rook was nie.

Op 3 September 1984 in Evaton en in Small Farms, was die Administrasieraad se kantore afgebrand op daardie dag?

Ek/...

-- Ek weet nie.

U kan dit nie betwis dat dit wel gebeur het nie? -- Ek kan dit nie betwis nie.

En u kan ook nie betwis nie dat raadslid Diphoko, was hy ŉ lid van die Raad van Evaton se Dorpsbestuur? -- Ja.

En dat sy huis daardie dag van die 3de aangeval as ŉ raadslid in Evaton? -- Ja, ek weet nie.

En ook dat daar padversperrings in Evaton orals aangebring was op die 3de? -- Ek sal dit nie betwis nie.

HOF : Weet u wel daarvan of weet u nie, maar u betwis die nie? -- Nie op die 3de nie, maar op die 4de het ek dit opgemerk dat daar "barricades" was.

MNR. JACOBS : Ek praat van die 3de spesifiek? -- Ek weet nie.

En dat daar om 09h00 die oggend van 3 September ook in Small Farms orals padversperrings aangebring was, bestaande uit klippe en brandende bande? -- Ek weet nie.

En daar was baie rook waar hierdie padversperrings van brandende aangebring was? -- Ek het dit nie gesien nie.

Die Quality Stores, aan wie behoort dit? -- Ek hoor dat daarvan gepraat word. Ek weet nie eers waar dit is nie. Ek weet nie aan wie dit behoort nie.

Is dit die eiendom van ŉ raadslid? -- Ek assosieer dit met ŉ Indiërman in Evaton, dat dit aan hom behoort.

HOF : Nee, maar wag so ŉ bietjie. Ken u ŉ besigheid met die naam Quality Stores? -- Ja.

Waar lê die besigheid? -- As ek reg is is dit in Evaton.

Watter plek in Evaton? -- In die nabyheid van Wilberforce.

Wilberforce is Wilberforce Skool? -- Ja.

Nou/...

Nou weet ek nie of ek dit ŉ kollege moet noem of nie. Wilberforce Hoërskool? -- Dit staan bekend as ŉ "Institute".

MNR. JACOBS : Quality Stores was ook gebrand daardie dag van 3 September? -- Ek weet nie.

Kan u hom vir my aandui op my kaart? Ek het nog nie van hom gehoor nie, as ek reg onthou.

MNR. JACOBS : Miskien as ek kan help, is hy aan Unionstraat geleë? -- Ek het ŉ klein kolletjie daar onder die woord "Union" gemaak. Ek skat dit ongeveer daardie swart kolletjie daar langs die kolletjie wat ek gemaak het onder die letter M is die struktuur van die plek.

HOF : Ons het nog nie ŉ nommer 65 nie. Is daar enige beswaar dat ons die nommer 65 aan hom toeken?

MNR. JACOBS : Dit is een van die plekke wat ons aan die verdediging gegee het wat ons gemerk het met nommer ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ja, maar ek kan nie ŉ klomp deurmekaar nommers hê nie. Dit moet opmekaar volg. As u ŉ ander nommer het vir 65, dan sal ek 65 oorslaan, maar watter soort nommer het u aan hom gegee?

MNR. JACOBS : Ons het plekke wat ons aan die verdediging voorgelê het geneem tot 72. Ons het aan Quality Stores nog nie ŉ nommer gegee nie

HOF : Hierdie nommer word 65. Ek skryf op my indeks Quality Stores.

MNR. JACOBS : Kan u vir ons sê waar is raadslid Diphoko ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit nie op die indeks alreeds nie?

MNR. JACOBS : Dit is nr. 11. Mnr. Diphoko, die raadslid, is ook daardie dag vermoor? -- Ek is daarvan bewus dat hy

oorlede/...

oorlede is, maar ek weet nie dat hy daardie dag gedood is nie.

En hy is vermoor deur die oproerige skares? -- Ek weet nie.

Die biersaal van die Administrasieraad in Evaton, waar is dit geleë?

MR BIZOS : Once Diphoko is mentioned, I want to take the first opportunity to place something on record. Your Lordship will recall that the witness was not feeling particularly well and came to give evidence in relation to the circumstances.

COURT : That was the witness that was pregnant?

MR BIZOS : That is so. At the time we, although we had certain instructions the people that she mentioned were on trial on a charge of murder. I want to inform Your Lordship that her version of the facts will be disputed. We could not dispute it at that time, because we did not think it fair to put a version on behalf of people whom we were not representing whilst they were facing a charge of murder before another Court, but there was a result in that case and we intend, either to seek an admission from the State that that was not so as she has described it.

COURT : Very well, but is it disputed that he died on the day a violent death?

MR BIZOS : No, the business of coming at 09h00 and putting stones there, naming these persons, that was on our instructions rejected.

MNR. JACOBS : Ek weet nie wat moet ek sê van My Geleerde Vriend se stelling op hierdie stadium nie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : As ʼn mens nie weet wat om te sê nie, dan sê jy niks.

MNR. JACOBS : Hoekom ek dit wil noem, u sal onthou op ʼn stadium het u gesê u wil nie elke getuie hê om te kom sê dieselfde, hierdie plek is aangeval en hierdie plek is aangeval. As dit dan later betwis word, dan sal u weet wat om met die verdediging te doen. Dit was nog die woorde wat daardie tyd - toe ek getuies een na die ander geroep het om te staaf van hierdie plekke. Toe is daar nie verdere getuienis daardie tyd gelei nie en die aanmerking wat My Geleerde Vriend nou maak dan lyk dit asof op daardie stadium het ek dit aanvaar op die basis, hulle vra nie die getuie nie, omdat dit nie betwis word wat sy sê nie en dat daar nie verdere getuienis gelei was nie.

HOF : Wel, ek sal met daardie probleem handel wanneer daardie probleem opduik.

MR BIZOS : My Lord, I merely wanted to take the first opportunity to inform Your Lordship because in the ordinary course of events I would have challenged it, but at the time a deliberate decision was made because - their own counsel were busy in that case. We have been given certain information, but did not think it correct, whilst they were facing this serious charge, to put any version in this court to the witness.

MNR. JACOBS : Die biersaal van die Administrasieraad van Evaton, waar is dit geleë in Evaton? -- As ʼn persoon wes gaan in Union Road aan jou linkerkant is daar ʼn gebou. Dit is die biersaal.

HOF : Kan ek net ʼn vraag vra daar. Daar is Administrasieraadkantore langs Union Road. Is dit by daardie kantore? -- Ja, dit is aan dieselfde kant as die biersaal geleë.

En/...

En is dit by dieselfde plek? Op dieselfde perseel? -- Ja.

HOF: Kyk maar net na punt 37 op die kaart, maar ek dink ons weet presies wat u bedoel. -- Ja, dit is presies op daardie punt.

MNR. JACOBS : Ook hierdie Administrasieraad se biersaal was afgebrand op 3 September. Sal u saamstem daarmee? -- Ek weet nie.

En ek wil dit aan jou stel dat die aanval ook in Evaton was gerig teen die raadslede, dit is die raadslede van die Evaton Dorpsbestuur en eiendom van die Administrasieraad? -- Ek weet nie.

HOF : Ek wil u in die verband iets vra. U het vir ons beduie van die aanval op die twee winkels van Indiërwinkeliers. Die twee winkels was Boundary Store en Saloojee's. Uit u beskrywing het dit vir my gelyk asof dit ʼn doelgerigte optrede was. Is dit so? -- Ek sal nie so sê nie. Ek sal sê die opinie wat ek gevorm het, was dat daardie mense mal was. Die rede hoekom ek so sê is, selfs toe hulle daardie plekke verlaat het na ander plekke toe, het hulle nie sommer saam wegbeweeg nie. Hulle het in klein klompies wegbeweeg van daardie plek af.

Ek wil dit aan u stel omdat dit vir my lyk asof daar teikens uitgesoek is, want u winkel is tussen die twee en u winkel is nie aangeval nie? -- Ek glo nie dat daar iets snaaks is daaromtrent nie want ek en my gesin en die huurder was tuis. My bure het ook daar saamgedrom buite en gekyk na wat daar plaasgevind het. Dus glo ek nie dat dit so maklik vir hulle sou gewees het om my winkel aan te val nie, want hulle was daarvan bewus dat daar mense was wat na hulle

kyk/...

kyk, my bure wat tussenin kan tree. Met die gevolg het hulle dus besluit om my nie aan te val nie, nie dat daar enige rede was nie.

Nee, dit gaan nie om rede of nie rede nie. Ek wil dit aan u stel dat as dit sommer ŉ klomp mal mense was, sou hulle voor die voet al die winkels wat hulle teëgekom het aangeval het? -- Ek het hulle so verstaan, ja.

Was die Indiërwinkels ook so goed omhein soos u winkel? -- Nee, dit is nie omhein nie. Byvoorbeeld daar is ŉ pad voor en aan die een kant van die winkel sonder ŉ omheining. Dit het glad nie ŉ omheining gehad nie. By Saloojee's is daar wel ŉ draadomheining, met ŉ groot hek wat altyd oop gestaan het. Ek het nog nooit gesien dat dit toe was nie. Die omheining self is gemaak van "pre-cast", maar die hek van die omheining is van draad gemaak. Dit is ŉ ou hek wat eintlik nie gewerk het nie, want dit het altyd oop gestaan. ŉ Persoon kon enige tyd in en uit die perseel beweeg het.

MNR. JACOBS : Is mense wat in klein groepies beweeg mal mense? -- Die malligheid kom hier. Ek het gesien hoe die mense daar geslaan word en weggedryf word en hoe hulle teruggekom het elke keer en hulle optrede teenoor daardie winkel. Op die ou end het hulle die plek aan die brand gesteek. Dit is hoekom ek hulle vergelyk met mal persone.

U sien, dit is wat vir my juis so eienaardig is van jou antwoord. Die mense is omdat ŉ paar van jou bure daar gestaan het bang om jou winkel aan te val, maar hulle is nie bang en hulle wyk nie vir die polisie nie. Dit volg mos nie. Dit is vir my baie onlogies? -- U moet dit hier mooi verstaan. Toe hulle die plek oorspronklik aangeval het, dit is die eerste winkel, was hulle in ŉ groot klomp gewees. Toe

daardie/...

daardie gebeure daar plaasgevind het, maar toe hulle nou weggaan van daardie punt af, het hulle in klein klompies daar weggegaan, ongeveer sewe in getal in ŉ klompie. Met die gevolg dat dit nie die hele groot klomp mense was wat op dieselfde tyd weg van daardie plek af beweeg het nie. U moet nie uit die oog verloor dat van hierdie groot klomp wat oorspronklik daar was, het alreeds hulleself bedien met eiendom wat hulle daar geneem het. Dus, het hulle verskillende rigtings geneem. Dit maak die klomp minder.

HOF : Ek wil nog ŉ vraag vra. U veiligheidsheining, was hy destyds om u perseel? -- Ja, sedert die jaar 1974.

MNR. JACOBS : So, hulle gaan by die eerste winkel aan, hulle verbrand hom, gaan in klein groepies daar weg, los jou winkel uit en nou gaan hulle na die tweede winkel toe? -- Ja, ek het gesien hulle gaan daar verby. Ek weet nie wat was besig om plaas te vind nie, maar hulle het by my verbygegaan.

Toe hergroepeer hulle weer in ŉ groep in by die tweede winkel en hulle val dit aan? -- Ek weet nie wat het daar gebeur nie.

Het hulle nie daar weer die winkel aangeval nie? -- Ek weet nie of hulle hergroepeer het nie. Dit is wat ek sê. Ek het wel gesien dat hulle weer dieselfde ding doen, dat hulle weggejaag word deur die polisie en weer terugbeweeg.

Was dit ŉ groepie van sewe wat daar deur die polisie weggejaag was? -- Laat ons mekaar hier mooi verstaan. Ek praat van ŉ klompie mense wat verby is in die rigting van daardie winkel en ek sal nie kan sê of dit nou net die enigste mense is wat na daardie winkel toe is en of daar nog ander mense van ander rigtings af na hierdie winkel toe

gekom/...

gekom het nie, om by te tel by hierdie klomp wat ek gesien het wat daarheen gaan.

Was hulle toe hulle die tweede winkel aangeval het 'n groep? -- Ek weet nie, want ek het alreeds gesê die mense is daar weg van die eerste winkel in klein groepies.

Het jy gesien dat mense hierdie tweede winkel aanval, ja of nee? -- Luister, luister. Die aanval waarvan ek praat is byvoorbeeld as ek mense sien winkeleiendom wegdra wat ek weet is 'n winkel se eiendom daardie, dan sê ek dit is 'n aanval op die winkel. Dit is die aanval wat ek van praat en dan tweedens sien ek die vuur is aan die brand daar by daardie plek.

Dan sal ek weer 'n keer vir jou dit vra en dit is die laaste keer wat ek jou vra. As jy nie wil antwoord nie, kan jy sê. Het jy gesien dat mense die tweede winkel aanval, plunder en aan die brand steek? -- Ek het gesien dat mense daar goedere weggedra het van die winkel en later het ek opgemerk dat daardie betrokke winkel aan die brand was.

Die mense wat jy daar gesien het wat by daardie winkel was wat die goed weggedra het, was dit 'n groot groep mense? -- Ek sal nie weet nie, want mense wat die goed daar weggedra het, het verskillende rigtings geloop.

Toe hulle - voordat hulle begin wegdra het, toe hulle by die winkel gekom het en daar opgetree het om die winkel, was dit 'n groot klomp mense? -- Ek het vroeër gesê ek het mense gesien in klein klompies wegbeweeg van die eerste winkel in die rigting van hierdie een. Of daardie klein klompies nou hergroepeer het daar om daar te wees daardie tyd, weet ek nie.

Hoekom is jy so huiwerig om vir ons te sê of daar 'n

klomp/...

klomp mense om daardie tweede winkel was of nie? Hoekom is jy so huiwerig? -- Die posisie is so. Hier sien ek klein klompies mense verbygaan in die rigting van die winkel. Die volgende oomblik sien ek mense wat goed wegdra van die winkel af. Verstaan ons nou mekaar daar? Vir my om vir hierdie Hof te sê dat dieselfde mense wat in klein klompies by my verby is, het die goed uit die winkel gedra, is ek nie in staat om te dit te doen nie.

Was daardie winkel - die mense wat daar opgetree het, aangeval deur die polisie en verdryf daar? -- Ja, die polisie het gebruik gemaak van traangas en rubberkoeëls.

Dit het jy darem gesien, nè? -- Ja, wat ek verder weet is dat ʼn lewendige koeël daar gebruik is wat ʼn lid van ʼn familie van my geraak het in daardie omgewing.

So, jou familielid was ook in daardie groepe wat die winkels aangeval en geplunder het? -- Dit was nie by die winkel gewees nie. Die persoon wat ek van praat woon in die omgewing van die winkel wat aangeval was en toe die skoot gevuur was, was hy by die waterkraan gewees waar die koeël die persoon getref het.

Dit is vir my eienaardig, jy sien baie snaakse goed. Jy sien ʼn man wat deur ʼn waterkraan getref word deur ʼn koeël, jy sien die polisie skiet, maar jy kan nie vir die Hof sê of hulle op ʼn groep mense geskiet het wat hulle uitmekaar gejaag het of nie?

MR BIZOS : He said he saw his relative being struck with a bullet.

MNR. JACOBS : Hy het gesê hy het gesien hy is getref by die waterkraan.

HOF : Nee, hy het ons net vertel wat die polisie alles

gebruik/...

gebruik het. Toe het hy uitgewy oor die lewendige koeël.

MNR. JACOBS : Jy het gesien dat die polisie skiet rubberkoeëls? -- Ja.

Jy kan nie vir ons sê op wie het hulle geskiet, hoe ŉ groot groep dit was en of dit een of twee was nie? -- Ja.

Ek wil dit aan jou stel jou winkel is nie aangeval nie omdat hierdie mense wat daardie winkels en die plekke so aangeval het in Evaton geweet het dat jy is van ERPA en dat jy deel is van die stryd wat gestry word vir bevryding daarso, teen raadslede? -- Dit is nie die waarheid nie. Daar bestaan nie so iets nie.

Ek wil met jou gaan na die vergadering van 4 September. Hoekom het Esau spesifiek na jou toe gekom dat daar so ŉ dringende vergadering gehou moet word? -- Ek het niks snaaks daaraan gesien nie, want van die vergaderings wat ons saam met hulle gehou het, was by my woning gehou.

So, is die rede dan omdat julle soveel vergaderings saam gehou het? -- Ja.

En het hy ook gekom dat julle weer ŉ vergadering by jou woning moet hou? -- Nee, nee, nee, u moet dit nou mooi besef. Die vergadering was nie bedoel om by my woning gehou te word nie, maar by die Roomse Kerk te Small Farms was die oorspronklike vergaderplek.

Nou hoekom was dit nie daar gehou nie of is dit? -- Terwyl ons daar by die Roomse Kerk was by die vergaderplek, het van die mense wat die vergadering bygewoon het gekla oor hongersnood en as gevolg daarvan het ons besluit om na my woning toe te gaan waar hulle nou kos sou kry.

Watter mense het gekla van hongersnood, dat ons net ŉ bietjie duidelikheid kry? Dit is nou heeltemal iets

nuuts/...

nuuts hierdie? -- Die predikant Chikane het gesê hy is honger.

HOF : Laat ons net duidelik kry oor die terme hongersnood, mnr. Die Tolk. Hongersnood is darem iets baie groter as dat ŉ mens honger is omdat jy nie ontbyt gehad het nie.

TOLK : U Edele, ek het dit gebruik omdat die getuie dit in daardie sin gebruik het. Ek is daarvan bewus.

HOF : So, Chikane het aan hongersnood gely? -- Chikane wou kos gehad het, nie eintlik hongersnood nie.

MNR. JACOBS : Net Chikane of nog meer, want jy het gesê die mense daar? -- Selfs ek wou kos gehad het.

So, het julle dan vergader by die Roomse Kerk voor julle na jou huis toe gegaan het? -- Ja, ons het daar ontmoet maar die vergadering was nie daar gehou nie.

Wie was almal daar teenwoordig by die Roomse Kerk? -- As ek reg onthou was dit Esau, eerwaarde Chikane, beskuldigde nr. 10, beskuldigde nr. 9, Edith, ekself en beskuldigde nr. 7, Sefako Mokoena.

Is dit al? -- Ek kan my nou nie meer voorstel oor beskuldigdes nrs. 17, 8 en die oorlede mnr. Sithole nie. Hulle was daar teenwoordig gewees, maar ek kan nou nie sê of hulle daar was by die plek waar ons vergader het nie, want hulle het in ŉ ander voertuig gery.

HOF : Bedoel u u is nie seker of hulle by die plek was waar julle ontmoet het nie of is u nie seker of dit by die plek was waar julle vergader het nie? -- By die ontmoetingsplek by die Roomse Kerk kan ek nie onthou dat ek hulle gesien het nie, maar hulle was wel teenwoordig by die vergadering wat dan later gehou was.

MNR. JACOBS : Wie het vir hulle gesê julle is nou by

jou/...

jou huis? Hoe het hulle dit geweet? -- Hierdie mense het in verskillende voertuie gery en toe ons daar gekom het, was dit bekendgemaak dat die mense honger is. Met dié het ons besluit om kos te gaan kry. Dit is sonder dat ek nou spesifiek gaan kyk het wie almal daar is in die verskillende voertuie of teenwoordig is daar toe dit gesê word.

Toe Esau toe hy by jou gekom het, was hy alleen? -- Ja, hy was alleen.

En toe julle by die kerk kom het julle die ander mense daar gekry? -- Ja.

Was hulle toe reeds by die kerk gewees? -- Ja, daar is van die mense wat ons by die kerk gevind het.

Was Dorcas nie ook saam met die mense gewees nie? Esau se vrou? -- Nee, sy was nie daar nie.

Was sy by die vergadering by jou huis? -- As ek reg onthou was sy nog nooit by my woning gewees nie. Ek kan my nie voorstel dat sy al een dag by my huis aangedoen het nie.

Sy het nie mense daarnatoe gebring wat ook die vergadering moes bywoon nie? -- Nee, ek het haar glad nie gesien nie. Sy was nie by my woning nie.

Hoekom moes julle so dringend vergadering hou? Wat was die rede? -- As gevolg van wat Esau daar gesê het, het dit geblyk asof dit was na aanleiding van wat die vorige dag plaasgevind het dat daardie vergadering nodig was.

Wat het Esau gesê? -- Esau het daar gesê dat hy baie bekommerd was oor wat hy gesien plaasvind het die vorige dag en dit dus nodig gevind het dat ons nou vergader om ŉ oplossing te vind hoe om dit te stop. Dit is wat die vorige dag plaasgevind het te stop.

Jy het mos nou eintlik niks daarmee te doen gehad

wat/...

wat die vorige dag plaasgevind het nie, soos wat jy te kenne wil gee? Hoekom moes jy daar wees? -- Die skade en die verneem dat mense doodgaan het my geraak.

Het Esau nie gesê dit is gevaarlik om by die kerk te gaan vergadering hou en dat julle by jou huis vergadering moet hou nie? Gevaarlik in die sin dat die polisie julle daar kan kry? -- Nee, ek kan nie onthou dat hy so gesê het nie.

Wat het Frank Chikane dan daar gesoek? Wat het hy met julle te doen? -- Die rede hoekom eerwaarde Frank daar was, was omdat hy kom uitvind het wat gebeur nou daar in die Vaal.

Is dit die rede hoekom hy daar was? -- Ja.

Wie het so gesê? -- Dit is omdat hy daar niks gesê het nie. Hy het net daar gesit en luister oor wat ons daar bespreek het.

Ja, maar kyk, as ek reg verstaan, het julle vergadering gegaan oor die beraming van planne om toekomstige optredes te stop en nie terug vergadering gehou oor wat in die verlede gebeur het en wat die oorsake van die goed was nie? -- Ja, maar ons kan mos nie die toekoms bespreek sonder om 'n verwysing te maak na die verlede nie. Watter soort vergadering sou dit gewees het?

K599 Het julle nou op die vergadering aan hom verslag gedoen oor wat het daar gebeur in die Vaal? -- Die rede daar was dat wat die vorige dag plaasgevind het, het niemand se goedkeuring weggedra by die mense teenwoordig daar nie. Dus was die mense daar gewees om 'n plan te beraam om dit te stop.

Ek vra weer vir jou die vraag. Luister na die vraag en antwoord hom, asseblief, dan kan ons vinniger gaan.

Het/...

Het enigiemand aan Chikane verslag gedoen van wat daarso gebeur het in die Vaal? -- Nee.

Hy het dan spesiaal gekom om uit te vind daar en niemand doen verslag nie? -- Niemand het direk geweet van wat daar gebeur het nie, om so ŉ verslag aan hom te doen nie, maar wat wel daar sou gebeur het, was dat hy moet nou bysit en luister volgens die besprekings na wat verwys word oor die gebeure van die vorige dag om ŉ oplossing daarvoor te kry.

HOF : Maar het julle nou nie gesê maar wat het verkeerd geloop, hoe is dit dat die ding ontstaan het nie? -- Wat verkeerd gegaan het op daardie stadium was nie van belang nie. Wat van belang was, was om nou ŉ raad te vind hoe om dit te stop. Dus was dit nie bespreek of daar iets verkeerd gegaan het en indien wel, wat dit was nie. Dit was net om ŉ plan te beraam om dit te stop wat die vorige dag plaasgevind het.

MNR. JACOBS : Het die UDF en sy geaffilieerdes nou daar bymekaar gekom om verdere planne te maak?

MR BIZOS : On whose evidence is that based?

MNR. JACOBS : Die getuie kan antwoord daarop.

MR BIZOS : With the greatest respect, to put in this - the way it is put presupposes that the witness has said so. It starts off "sodat". "Die UDF sodat". An elementary introduction. It follows from what you have said that the UDF and its affiliates came together to have a meeting.

HOF : Stel dit in die vorm van ŉ vraag, mnr. Jacobs.

MNR. JACOBS : Frank Chikane was daar as ŉ verteenwoordiger van die UDF. Hy is die vise-president van die UDF. Is dit reg? -- Nee, dit is nie so nie.

Wat is hy? -- Ja, destyds glo ek was hy maar ŉ vise-

voorsitter/...

voorsitter van UDF.

Nou wat is nie so nie? Sê nou vir my? -- Wat nie so is nie is die stelling wat u maak dat hy daar was om die UDF te verteenwoordig.

Nou wie het hy verteenwoordig? -- ʼn Persoon daar teenwoordig was Frank Chikane as persoon en nie ʼn verteenwoordiger van UDF nie, want hy het nie daar gesê dat hy namens UDF daarheen gekom het nie.

Wat het hy daar kom maak? Vir wie wou hy inligting gehad het? Vir hom as persoon? -- Hy wou dit vir homself gehad het.

So, hy het vir julle kom sê op daardie vergadering "Ek kom soek inligting vir myself as persoon"? -- Kyk, ʼn persoon speel ʼn rol by verskillende dinge. Frank is ʼn predikant. Frank is ʼn vise-voorsitter. Frank is ʼn man van sy gesin, die hoof van sy gesin . Hy kan baie redes hê hoekom hy daardie inligting vir homself wou ingesamel het.

Het hy daar gesê hy kom vir hom persoonlik inligting insamel? -- Frank het daar gekom en hy het daar gekom as ʼn persoon.

Hoekom antwoord jy nie my vraag nie. Het hy dit gesê of het hy dit nie gesê nie? -- Ek het mos gesê Frank het nie eers ʼn woord gesê daar nie.

Hy het nie op daardie hele vergadering die hele dag ʼn woord gesê nie? -- Na die vergadering van ons daar klaar was, is ʼn versoek aan hom gerig. Dit is eers op daardie stadium dat hy iets te sê gehad het op die versoek.

Totdat die vergadering kant en klaar afgehandel was het Frank Chikane nie ʼn woord gepraat op daardie vergadering nie? -- Hy het geen seggenskap gehad oor hierdie vergadering

nie/...

nie.

Ek het nie gevra of hy seggenskap het nie. Jy moet my vraag asseblief antwoord. Het hy gepraat of het hy nie gepraat nie? -- Ja, toe hy verneem het van die kos, of die kos gereed was of nie, het hy iets te sê gehad.

HOF : Net dankie vir die kos? -- Ja, want hy het net na die kos gekyk.

MNR. JACOBS : Was die etery voor julle vergadering gehou het of nie? -- Ons het daar gesit en eet en terselfdertyd gesels. Hy het ook daar eenkant gesit en sy kos geniet.

En toe net dankie gesê tydens hierdie vergadering? -- Ja, almal wat kos geniet het daar het maar dankie gesê.

HOF : Is jou vrou ŉ goeie kok? -- Sy is. Sy kook, ek weet nie, ek kan nie kommentaar lewer of sy ŉ goeie kok is of nie.

MNR. JACOBS : Afgesien van die feit dat hy dankie gesê het, het hy nie tydens daardie vergadering se duur aan die vergadering deelgeneem en iets gesê nie. Is dit reg? -- Dit is reg, hy het niks te sê gehad nie, behalwe dat hy iets te sê gehad het na ons klaar met ons vergadering was toe ons ŉ versoek aan hom gerig het, toe het hy iets te sê gehad aangaande die versoek.

Wat het hy gesê na die vergadering toe hy die eerste keer iets te sê geha het? -- Die versoek aan hom was die volgende. Kyk, as gevolg van die toestand hier dat daar geen kommunikasie is nie, die telefone is buite werking, daar is nie ŉ manier waarop ons die nodige fooie kan insamel nie, doen ons ŉ guns, help die mense wat Johannesburg toe sal kom, want ons het vroeër die vergaderings bekend gemaak deur gebruik te maak van pamflette. Help ons nou met ŉ pamflet, dat ons pamflette moet hê, want Esau, Edith en

Matlole sal in Johannesburg aandoen. Sal u dan so goed wees om ons met die pamflette te help.

Ek wag vir jou antwoord? -- Waarop hy in sy antwoord bevestigend geantwoord het dat hy gesê het dit is goed, ek sal julle help dat daardie pamflet bekombaar kan word.

Is dit al wat hy gesê het? -- Ja, dit is al wat hy te sê gehad het op hierdie versoek, maar toe het ek weer later 'n opmerking teenoor hom gemaak oor die Esau se toestand en sy optrede of hy dit kon sien dat Esau geskrik was, waarop hy sê ja, dit is waar, ek sien ook dat die man geskrik is.

En nog? -- Dit is al wat daar bespreek was. Daar was niks verder toe bespreek nie en die mense is toe uiteen.

Dan verstaan ek nie jou getuienis en hoe dat jy kon gesê het dat Frank Chikane daar was op 'n feitevindingmissie gewees? -- Nee, maar die feit is, Frank is nou daar teenwoordig. Ons is besig om die Vaal se gebeure te bespreek in sy teenwoordigheid en binne hoorafstand. So, hy hoor alles wat daar gebeur het.

Hy kon miskien toevallig daar gewees het dat hy hoor wat julle praat, maar ek kan nie verstaan hoe kan jy vir die Hof kom sê hy was op 'n feitevindingmissie daar gewees dat hy met 'n doel daar was nie? -- Ja, hy het gehoor wat daar bespreek word.

Wil u nie my vraag antwoord nie? -- Die rede hoekom ek sê dat hy daar was om uit te vind wat daar aangegaan het in die Vaal is omdat hy by gesit het en gehoor het en ook jammer was vir die mense oor wat daar plaasgevind het, en daarom sê ek dat dit wel so is dat hy kom verneem het wat daar plaasgevind het.

Dan verstaan ek jou tweede antwoord wat uit hierdie

antwoord van jou kom nog minder en ek wil graag hê jy moet vir die Hof ŉ verduideliking gee, hoe het jy dan geweet om vir hierdie Hof te kom sê hy was daar om feite vir sy persoonlike gebruik in te win? -- Maar lyk vir my ons sal nie die ding regkry nie. Ek het al vroeër vir u gesê dat Frank het meer as een rol om te speel in sy lewe. Byvoorbeeld as ŉ predikant, tweedens by UDF. Met ander woorde, ŉ mens sal nie kan sê watter rol hy gespeel het met sy aankoms daar om uit te vind wat daar gebeur het nie.

So, jy was verkeerd toe jy vir hierdie Hof gesê het hy was daar om vir sy persoonlike gebruik feite uit te vind? -- Nee, nee, u het my baie verkeerd verstaan. Ek sê Frank was daar "His person was there." Met ander woorde, daarby bedoel ek dat hy as ŉ persoon daar was en hy het nie gesê dat hy daar was namens UDF of wat sy doel was spesifiek dat hy daar teenwoordig was nie. Dit is al wat ek sê.

Hoekom ek hierdie vrae vir jou vra en ek wil dit aan jou stel, skielik toe mnr. Bizos hier opspring en ŉ beswaar maak toe ek verwys na UDF, dat hy UDF daar verteenwoordig het, saam met die ander geaffilieerdes, dit is toe jy nou begin dink het om te sê hy was in sy persoonlike hoedanigheid daar? -- Nee, nee, dit is verkeerd. Ek het niks te doen met wat mnr. Bizos hier gesê het nie. Ek is hier om met u hierdie dinge te bespreek. So, ek en u praat nou van hierdie dinge.

Jy het besef toe mnr. Bizos opspring en beswaar maak hierso jy moet nou versigtig wees wat jy sê? -- Ek is baie ver van dit. Ek gebruik my gedagte en ek weet waarvoor ek hier staan.

Was Frank Chikane daar aan julle voorgestel - het jy hom vantevore geken? -- Ja, by die algemene raadsvergadering

van/...

van UDF het ek hom gesien.

Het jy hom persoonlik geken? Het jy hom ontmoet? -- Nee, ek het nie.

Was jy daar aan hom voorgestel? Op daardie vergadering?

HOF : By die algemene raadsvergadering of hierdie een wat ons nou debatteer?

MNR. JACOBS : Op hierdie een van 4 September? -- Ja, hier het ek hom geken, want ons het mekaar voorgestel aan verskillende persone.

Het jy hom op hierdie vergadering van 4 September formeel ontmoet dat hy aan jou voorgestel is wie hy is en wie jy is? -- Ek het vroeër geweet dat dit eerwaarde Frank Chikane was wat daar teenwoordig was, as gevolg van die voorstelle wat gedoen was deur Esau. Esau het die mense voorgestel en vir die mense gesê die persoon, met verwysing na Chikane is eerwaarde Frank Chikane. Toe het hy dit gedoen het, het ek alreeds daarvan geweet. Ek was alreeds voorgestel aan hom.

Het hy hom voorgestel as eerwaarde Chikane van UDF en vise-president van UDF? -- Nee, hy het hom net voorgestel as eerwaarde Chikane.

Die mense wat hom nou nie geken het nie, het hulle geweet van watter organisasie kom hy af? -- Ek weet nie.

Kom ons neem dit dan nou so, jy het geweet dat Frank Chikane is 'n vise-president van UDF? -- Ja.

Esau het dit ten minste geweet, hy het hom voorgestel? -- Ja.

Edith moes dit minstens geweet het? -- Ek weet nie.

Beskuldigde nr. 17 moes dit geweet het? -- Ja.

Mense wat almal daardie vergaderings bygewoon wat jy

bygewoon/...

bygewoon het van die algemene raad kon dit gesien het dan ook? -- Ek weet nie.

Terloops, op hierdie vergadering het Esau opgetree as die voorsitter weer? -- Ek kan my nie so goed voorstel nie, maar as ek reg onthou was dit hy.

En jy was die sekretaris weer wat aantekeninge gemaak het en die notas gehou het? -- Nee, beskuldigde nr. 10 het notule gehou.

En op die vergadering het ons 'n man gehad van UDF wat ons weet is 'n vise-president van UDF. Is dit reg?-- Ja, ek het geweet.

Ons het jou daar gehad as 'n verteenwoordiger van ERPA? -- Ja, by hierdie vergadering.

Ons het daar 'n verteenwoordiger van die vroue-organisasie VOW in die vorm van Edith en Dorcas? -- Nee, Dorcas was nie daar nie en VOW was ook nie verteenwoordig daar nie.

Was Edith nie ook daar nie? -- Sy was.

So, was VOW dan nie verteenwoordig deur Edith nie? -- Nee, ek ontken dit. Dit was nie die posisie daar nie.

En dan sê jy dat hierdie - wat is die man se naam wat oorlede is wie se begrafnis die 23ste gehou was? Sithole, was hy daar? -- Joseph Sithole.

Ja, was hy daar? -- Ja, hy was.

En ek wil dit aan jou stel hy was 'n verteenwoordiger van die Vaal Youth Congress? -- Nee, daar bestaan nie so iets nie. Dit was nie so gewees nie. Ek sal vir u sê, dit was bekend gemaak by hierdie vergadering watter organisasies gaan nou hierdie vergadering laat plaasvind. Dit was Vaal Civic Association en ERPA en het hy geweet dat hy enige organisasie daar kom verteenwoordig het, sou hy daar aangedring het

dat/...

dat sy organisasie se naam ook genoem moet word.

En dan VCA was verteenwoordig deur Esau. Is dit reg? -- Daar was meer lede van VCA by hierdie vergadering.

Maar Esau was die leier van die VCA wat daar op die vergadering was? -- Nee, ek weet nie. Ek ken Esau net as ŉ vise-voorsitter van die VCA.

Stem jy saam dat die mense wat daar vergader het, ek wil nou na hulle teruggaan, kom ons vat nou vir Esau Raditsela, hy was lid van daardie komitee en die voorsitter van daardie komitee wat julle gesamentlik gestig het met VCA alreeds daar vroeg in die jaar as ek reg onthou hierso by Februarie/Maart rond toe julle die fees geboikot en teen die fees ŉ protes gehou het?

MR BIZOS : It was actually May, shortly before May.

COURT : 12 May 1984.

MNR. JACOBS : 12 Mei. Is dit reg? -- Ja.

Daar was jy van daardie selfde komitee gewees, die sekretaris van daardie komitee? -- Ja, dit is so.

Stem jy ook saam dat Esau het gedurig koördinasiewerk gedoen en organisasie gedoen en selfs by die optog van die 3de, toe hy vir jou die kokipenne gevra het, toe was hy prominent daar besig met die optog? -- Die vergadering van die 4de, was die met die oog op voorbereiding vir dit?

Nee, ek sê Esau wat ook op hierdie vergadering van die 4de teenwoordig is en ŉ belangrike rol gespeel het, was ook dieselfde man wat soveel koördinasie en organisasie gedoen het en selfs ook op die 3de vir jou gesê het om die kokipenne te kry vir die organisasie en uitvoering van die opmars? -- By die komitee wat ons daar met hom gestig het, was daar geen manier waarop ŉ mens kan sê dat Esau daar ŉ

prominente/...

prominente rol gespeel het nie, maar as daar verwys word na die vergadering later, dit weet ek nie. Dit is sy rol met betrekking tot VCA en dan kan ek nie sê of hy ŉ prominente rol gespeel het of nie.

Dan is daar beskuldigde nr. 17 wat ook ŉ lid van daardie komitee was van julle? -- Ja, dit is so.

En beskuldigde nr. 9, hy was van Gebied 7 se aksiekomitee en lid van die VCA?

HOF : Aksiekomitee of gebiedskomitee?

MNR. JACOBS : Gebiedskomitee.

HOF : "Area committee"?

MNR. JACOBS : "Area committee"? -- Ja.

En was hy ook lid van daardie komitee wat julle destyds daar gestig het jy en Esau, een van Meimaand 1984? -- Wie? Hy? Nee, hy was nie lid nie. Met die stigting van die komitee was hy nie daar gewees nie.

HOF : Nee, nee, was hy ŉ lid van die gesamentlike komitee tussen ERPA en VCA? --Nee.

MNR. JACOBS : En beskuldigde nr. 10? -- Hy was ook nie daar nie.

Hy is ŉ lid van VCA ook en van die gebiedskomitee van Gebied 3 dink ek? -- Dit het ek van bewus geword in hierdie Hof.

Wat het jy gedink kom soek hy daar op julle vergadering van die 4de? -- Nee, hulle het gedink hy is nou een van die inwoners wat bekommerd is oor wat daar gebeur het in die woonbuurt.

Dat hy ook nou maar daar in sy persoonlike hoedanigheid kom en vir sy persoonlike inligting, inligting kom invorder het? -- Ek het gedink die mense teenwoordig daar is almal

die/...

die mense wie se gevoelens teen die gebeure van die vorige dag was.

HOF : Maar wat ek van u wil weet is, is die optog dan nie bespreek by die vergadering nie? -- Nee, ek kan nie onthou dat daar enige melding daarvan gemaak was nie.

MNR. JACOBS : Is die indruk wat jy het en die indruk wat jy aan hierdie Hof probeer oordra dat eerwaarde Frank Chikane het net heel toevallig by hierdie vergadering van julle opgedaag? -- Ek het glad nie geweet nie.

Wat jou aanbetref is dit net ŉ baie toevalligheid dat hy op daardie dag daar was? -- Vreemdelinge was baie daar by my woning gewees. Dit is mense wat ek nooit vantevore al gesien het nie, wat by my huis teenwoordig was.

So, wat jou aanbetref was dit net ŉ blote toeval dat hy daar was? -- Ja, dit is wat my betref, ja.

Ek wil net ŉ versoek rig, ons sal nie meer lank met hierdie getuie wees nie, of die verdediging vir ons kan sê wat die volgende getuie is, sodat ons kan voorberei.

MR BIZOS : The next witness will be Mr Tsietsi David Mphuthi. That is accused no. 7. Depending on whether certain documents have been completed or not, it may well be that we may ask Your Lordship to hear certain matters before his is called, but the next witness, when he is called, will be Mr Mphuthi.

COURT : Well, you must be prepared to give the State ample notice of any applications that you intend to bring.

MR BIZOS : Yes, My Lord, we will try and do that as soon as possible. It is possible, but not certain, that we may be ready by Wednesday.

MNR. JACOBS : Ek dink ons wil ook die geleentheid hê, as

daar ꞌn aansoek gaan kom, dat ons ook navorsing kan gaan doen om te weet waaroor dit gaan. Ons weet op die huidige oomblik nie presies waaroor gaan dit nie. Daar is ꞌn tweede punt gemeld wat ... (geen verdere opname)

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 18 MAART 1987.

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-6-193**
*Document Title:-* **Vol 193 p 9996-100S7. Witness: Mokoena**